HOOFSTUK I.

INLEIDING.

Die kenmerkende verskil tussen die oudste en die jongste takke van die groot Indogermaanse taalfamielie waartoe Afrikaans behoort, is aan die een kant 'n groot rykdom aan woordvorme, wat 'n min of meer willekeurige woordorde toelaat, en aan die ander kant 'n betreklike armoed aan vorme, wat 'n min of meer vaste orde noodsaaklik maak. In Sanskrit of Grieks kan 'n enkelvoudige selfstandige naamwoord van vier tot ses verskillende vorme aanneem om die verskillende verhoudinge uit te druk waarin dit tot ander woorde in die sin staan; in Afrikaans, en die meeste nuwe tale, bestaan hiervoor maar een vorm. Waar verder in Indogermaans aan die vorm meestal duidelik te sien was of 'n selfstandige naamwoord onderwerp of voorwerp uitmaak van die sin waarin dit staan, was dit taamlik onverskillig of die onderwerp voor of na die voorwerp 'n plek gekry het. 'n Eenvoudige voorbeeld: *Piet slaat Janx, Piet Janx slaat, Janx Piet slaat, Janx slaat Piet,* waar *x* die voorwerpsverhouding aandui, is verskillende vorme waarin vroeër dieselfde bewering kon gemaak word sonder verskil in betekenis. Langsamerhand het dit gebruiklik geword om aan die volgorde: eers onderwerp, dan voorwerp, die voorkeur te gee, b.v. *Piet slaat Janx* of *Piet Janx slaat,* en namate die gebruik vaster geword het, kon die voorwerpsuitgang wegval sonder om misverstand te veroorsaak. Die algemene rigting van ontwikkeling in hierdie tale was dus: die ontstaan van 'n vaster woordorde gepaard met verlies van vorme. Vormverlies moet dan ook vermoedelik beskou word as 'n gevolg van die ontwikkeling van 'n vaster woordorde.

Die verlies van alle naamvalsuitgange is in die oog van die taalgeleerdes 'n groot en belangrike verandering, en dit is die algemene reël dat sulke veranderinge baie geleidelik en baie langsaam plaasvind, tensy daar buitengewone invloede, soos b.v. die inwerking van vreemde tale, by te pas kom.

Hoe langsaam en geleidelik 'n taal onder normale omstandighede ontwikkel, sien ons as ons let op die veranderinge wat Nederlands gedurende die laaste twee en 'n halwe eeu in Europa ondergaan het.*)

As ons daarmee vergelyk die veranderinge wat Nederlands gedurende dieselfde tydperk in Suid-Afrika deurgemaak het, selfs wanneer ons aanneem dat die vorm van Nederlands wat ten grondslag lê aan Afrikaans die sewentiende-eeuse Hollandse *volkstaal* was, dan is dit duidelik dat daar in Suid-Afrika besondere invloede werksaam was, wat die tempo van ontwikkeling baie versnel het.

Die veranderinge, afgesien van fonetiese slytasie, wat b.v. die 17de-eeuse Nederlandse werkwoordelike stelsel in Suid-Afrika ondergaan het in die tyd van 200, miskien 100 jaar, is sonder gelyke in die geskiedenis van Germaanse tale. Hierdie feit alleen is 'n oortuiende bewys dat Nederlands in Suid-Afrika onder buitengewone omstandighede ontwikkel het, en dat hierdie ontwikkeling onmoontlik as 'n natuurlike, „spontane" kan beskou word.

Wanneer dit verder in aanmerking geneem word, dat b.v.

---

*) Afrikaans kan vandag maklik van Hollands onderskei word, maar dit is onmoontlik om te sê van watter tydstip af ons te doen het met Afrikaans as aparte taal. Daarom is dit soms nodig om 'n term te gebruik wat al twee taalvorme insluit, en hoogstens nog Vlaams, maar geen Duitse dialekte nie. In aanmerking kom Diets, Nederduits, Nederlands. Wetenskaplike besware bestaan teen al drie. Behalwe dat die eerste twee te veel omvat, betwyfel ek of die argaïsmes vatbaar sal blyk vir nuwe lewe. Daarom gee ek die voorkeur aan die term Nederlands, wat dan die onderverdeling in Noord-Nederlands (Hollands), Suid-Nederlands (Vlaams) en Afrikaans-Nederlands (Afrikaans) moontlik maak. In die vervolg gebruik ek die term Nederlands as versamelnaam en die terme tussen hakies vir die onderverdelinge. Waar daar sprake is van die dialek van die provinsies Holland, word dit spesiaal vermeld.

Frans in Kanada onder soortgelyke uiterlike omstandighede 'n verandering ondergaan het wat in vergelijking met die Afrikaanse ontwikkeling minimaal kan genoem word, dan word dit moeilik om aan te neem dat landverhuising, afsondering, gebrek aan onderwys en watter ander uiterlike omstandighede die twee tale gemeen gehad het, alleen voldoende verklaring kan wees vir die ontstaan van Afrikaans, hoewel die langsame verandering van Kanadese Frans onder die gegewe omstandighede seker nie as reël kan beskou word nie.

Waarin dan wel die verklaring van die ontstaan van Afrikaans moet gesien word, is 'n vraag waaroor die opienies taamlik uiteenloop. Voor ek 'n oorsig gee van die verskillende teorieë oor hierdie kwessie, is dit wenslik om nog 'n paar opmerkinge te maak oor taalverandering in die algemeen, ten einde my standpunt te laat uitkom.

OOR TAALVERANDERING.

Beskrywende en historiese grammatika gee ons gewoonlik alleen die *resultate* van taalontwikkeling. Die *ontstaan* van taal is 'n kwessie wat al jare lank enigsins buiten die kring van belangstelling van taalgeleerdes val. Die psigologiese beskouing van die *lewe* en die ontwikkeling van taal trek daarenteë die laaste jare baie meer die aandag, wat veral blyk uit die studie van kindertaal. Ek kan my nie waag aan 'n uiteensetting van die resultate wat reeds op hierdie gebied behaal is nie. In die laaste hoofstuk sal ek alleen 'n paar van die verskynsels uit die kindertaal in toepassing probeer bring in verband met die ontwikkeling van Afrikaans.

Taalverandering word gekonstateer deur taalfeite van 'n vroeër met dié van 'n later periode van dieselfde taal te vergelyk. Dit is moontlik om sulke veranderinge aan te toon in die spreekwyse van twee opeenvolgende geslagte, selfs in die leeftyd van een geslag, maar hoe verder uitmekaar die te vergelyke periodes lê, hoe duideliker kom die afwykinge voor die dag. Dié afwykinge kon tot nog toe alleen uit die skryftaal

blyk, waarby dan voor die oë moet gehou word dat skryftaal eintlik nie taal is nie, net so min as 'n portret 'n man is. Ten opsigte van klankverandering behoort die grammofoon beter dienste te bewys as die pen. Maar klanke is eintlik self nog maar tekens vir taal — letters dus tekens vir tekens — en klankverandering kan daarom iets bloot uiterliks wees en hoef geen werklike taalverandering aan te dui nie, hoewel klanke die mees onmiddellike openbaring van innerlike taal, en dus van innerlike taalverandering is. Blote klankverandering soos uitkom wanneer ons b.v. *paard, peerd, perd, pferd,* naasmekaar beskou, kan vergelyk word met skrifverandering soos wanneer ij geskryf word in plaas van ii, of y in plaas van ij.

Taal is 'n funksie van die menslike gees, nie iets wat 'n selfstandige bestaan het nie, 'n voortdurende skepping, 'n handeling, 'n aktiwiteit. Maar hierdie skepping word vergemaklik, in sy hoogste uitinge selfs alleen moontlik gemaak, deur herinnering. Taal is dus nog iets anders as hoorbare lugbeweging wat gevoel of gedagte moet vertolk. Dit laat ook 'n impressie agter, wat nie alleen later weer in die bewussyn kan teruggeroep word nie, maar wat agter die drempel van die bewussyn nog werksaam kan wees, soos by analogiewerkinge. Elke indiwiduele taal kry op den duur dus 'n „geestelike" bestaan; agter elke taalaktiwiteit van die volwasse indiwidu sit in die reël 'n taalgewoonte. In die begin, soos by die kind, is elke oorspronklike taaluiting 'n kunsskepping. Deur die mag van die herinnering word dit later 'n gewoonte wat feitlik geen inspanning meer vereis nie. Die vergelyking met ander, egte en onegte, kunsproduksie laat sig verder uitwerk. Ek wys daar nog net op dat, soos daar 'n historiese, vergelykende en beskrywende wetenskap van die skilderkuns moontlik is en ook bestaan, so bestaan daar ook 'n beskrywende, vergelykende en historiese wetenskap van die taalkuns, nl. die taalkunde. Die onderskeiding wat in Engels gemaak word tussen *the art and the science of music, painting* ens. kan in Afrikaans gemaak word tussen *musiekkuns* en *musiekkunde, skilderkuns* en *skilderkunde.*

Die ontstaan en die ontwikkeling van die verskillende kunste is 'n psiegiese proses en sal alleen psigologies kan verklaar word. Dat daar nog so weinig vordering met die verklaring gemaak is, moet ongetwyfeld toegeskryf word aan die feit dat die psigologiese wetenskap nog jonk is. Dit is te verwagte dat die taalkuns, die oudste, grootste en mees algemene kuns, die eerste geneties sal verklaar word. Daarvan getuig die bedrywigheid op die gebied van die psigologiese taalwetenskap. Taalpsigologie is al 'n baie gebruiklike term, terwyl ons van b.v. musiekpsigologie nog nie veel hoor nie.

In sover as taal 'n funksie van die gees is, is dit duidelik dat taalverandering moet gepaard gaan met, of voorafgegaan word deur, 'n verandering van die geestesgesteldheid van die spreker, in casu die gesamentlike sprekers. Dat die taalgroei van die indiwidu gelyke tred hou met sy algemene geestelike ontwikkeling is bekend genoeg. Dit lê dan ook voor die hand dat die psigologiese taalwetenskap sy ondersoek begin by die taal van die kind, waar die taalvorme onvas en veranderlik is. Hoe ouer die spreker word, hoe vaster word sy taalvorme, totdat hy 'n min of meer gevestigde taalgewoonte besit, weinig vatbaar vir verandering. Die verandering wat die menslike taal ondergaan tussen die twede en die vyfde jaar van die kind is groter as tussen die vyfde en die vyftigste jaar, en daarna verander dit onder normale omstandighede betreklik weinig.

Hier het ons dus 'n duidelike aanduiding waar ons die faktore moet soek wat taalverandering bevorder of rem. Deur gebrekkige napraat en afwykende analogieformasies in die kindersiel staan die taal die meeste bloot aan veranderinge, terwyl die voorbeeld van die tradisionele ouertaal en die opsetlike verbeteringe deur die ouers die belangrikste remmende faktore moet wees.

Die historiese taalwetenskap toon aan hoe amper die twee faktore mekaar balanseer. By onverbroke oorlewering is taalverandering, of taalontwikkeling 'n uiters langsame proses. Die ontwikkeling wat gelei het tot die verlies van die voorwerpsuitgang by Nederlandse selfstandige naamwoorde loop oor

duisende jare. Tog wen die jeug dit op den duur; die neiging tot ontwikkeling is sterker as die neiging tot behoud.

Hierdie faktore, wat ondanks 'n onverbroke taaltradiesie tog nog ontwikkeling bewerk, kan ons natuurlike of spontane ontwikkelingsfaktore, en sodanige ontwikkeling self, natuurlike of spontane ontwikkeling noem.

Word egter die taaltradiesie geskaad, sodat een van die genoemde faktore versterk of verswak word deur omstandighede van buite, dan word die verloop van die ontwikkeling versnel of vertraag. Gewoonlik beteken veranderde uiterlike omstandighede 'n verswakking van die gesag van die tradiesie, waardeur die tempo van ontwikkeling versnel word, hoewel b.v. vroeër of langer skoolplig, of verhuising na 'n land waar meer binnenshuis geleef word, 'n versterking van die remmende faktore kan beteken. Die vele moontlike teenoorgestelde gevalle sal ek hier nie probeer opsom nie, maar bepaal my tot die spesiale geval waaraan ons verder ons aandag gaan gee, nl. waar die uiterlike omstandighede gewysig word in dié sin dat deur verhuising en gevolglike verbreking van bande met verlede, omgewing en bedryf, die gesag van die oorlewering aanmerklik verswak moes word, soos toe die Europeane die volksplanting aan die Kaap gaan stig het. Of hierdie veranderde omstandighede reeds 'n *verbreking* van die taaltradiesie uitgemaak het, daaroor kan verskil van opienie bestaan, en dus ook oór die vraag of ontwikkeling onder sulke veranderde omstandighede reeds nie meer spontaan, al onnatuurlik, moet genoem word. Dit is 'n kwessie van graad.

As by dit alles egter nog gevoeg word, dat die taal van volwassene sowel as van kinders onder die invloed van 'n groot groep mense met ander taalgewoontes en selfs ander taalaanleg kom, die volksiel dus 'n gedwonge verandering ondergaan, dan kan daar geen twyfel meer bestaan dat ons te doen het met abnormale taalontwikkeling nie. Alleen is ook dit egter nog nie die ergste graad van abnormaliteit nie, want die oorspronklike draers van die taal in kwessie bly in die onderhawige geval in die meerderheid teenoor iedere ander aparte

groep, en bly ook om ander redes, b.v. politieke en ekonomiese, toonaangewend. Van alle groepe van blanke aan die Kaap bly die Hollanders in alle opsigte verweg die belangrikste, waaruit ons met 'n groot mate van sekerheid sou kon voorspel dat hulle taal nie sou verdwyn nie. Die graad van wysiging wat dit sou ondergaan, sou van baie faktore afgehang het, en uit die resultaat van die ontwikkeling sou moes blyk of soveel vreemde elemente opgeneem is, dat dit moet beskou word as geen Nederlands meer nie, maar 'n mengeling van Nederlands en een of meer ander tale. As uit die taal self hieromtrent geen konklusies kon getrek word nie, sou ons die omstandighede waarin die ontwikkeling plaas gevind het, nader moes ondersoek.

Die grade waarin 'n taal die invloed van 'n ander taal kan ondergaan, is natuurlik baie verskillend, en ongelukkig skyn daar weinig ooreenstemming te bestaan wat betref die terminologie op hierdie punt. Die betekenis waarin „Mischsprache", „gemischte Sprache", „Sprachmischung", mengeltaal, taalvermenging, kreoolse taal, kreolisering, ens. gebruik word, loop sover uiteen dat dié terme 'n willekeurige betekenis het. As ons dit met Schuchardt eens is dat „eine völlig ungemischte Sprache" nie bestaan nie, dan is dit duidelik dat die gebruik van hierdie terme sonder nader omskrywing geen sin het nie. So gebruik van Ginneken en Endepols *(Regenboogkleuren, p. 188)* „creolisering" in die betekenis van verval van buigings- en vervoegingsuitgange, saamval van funksie, saamval van geslag, fonetiese assimilasie, — vir wat hulle noem: „de tering der grammatica", m. a. w. vir wat Jesperen sou noem „progress in language". Ek sien geen rede waarom ons ons nie sal hou aan die definiesie wat Prof. Hesseling van kreoolse tale gegee het nie: „talen die in overzeese gewesten *uit Europese talen in de mond van Afrikanen, Aziaten, Australiërs of Amerikanen zijn ontstaan*, en dan later ook dikwels door Europeanen of hun afstammelingen zijn gesproken" *(Het Neger-Hollands der Deense Antillen, p. 50)*.*)

*) Behalwe waar anders vermeld, is kursivering, ook in aanhalinge, altyd van my.

Moeiliker is dit om 'n bevredigende definiesie van 'n mengeltaal te gee. Niemand beskou Frans of Hollands as 'n mengeltaal nie, en tog bevat die twee tale vreemde elemente, selfs vreemde buigingselemente genoeg (vgl. p. 68). Voordat 'n taal 'n mengeltaal kan genoem word, is dit dus nodig dat meer ontleen is as wat Frans en Hollands te sien gee. Met Dr. Kruisinga *(Taal en Letteren, XVI, p. 434)* meen ek dat 'n mengeltaal ontstaan wanneer 'n volk 'n vreemde taal oorneem, waarby die nuwe taal gewysig word deur die moedertaal van die sprekers, wat ander klanke, maar veral 'n ander gedagte- en dus sinsbou het. Windisch verwag in 'n mengeltaal 1°. dat vreemde woorde op koste van inheemse ontleen is, 2°. dat die leenwoorde 'n aansienlike deel van die totale woordeskat uitmaak, 3°. dat behalwe selfstandige naamwoorde ook werkwoorde, selfs telwoorde, selfs verbuigingsvorme en ander taalmasjienerie ontleen is (vgl. Hesseling, *) *Het Afrikaansch, p. 15,* en Bosman, *Afrikaans en Maleis-Portugees, p. 44)*. Prof. Verdam soek in 'n mengeltaal „eene meer of minder harmonische verbinding van twee verschillende talen, waardoor zij beide in hun innerlijk wezen, in woordvorming en woordvoeging, worden gewijzigd" *(Uit de Geschiedenis der Ndl. Taal, p. 93)*. As ons hierdie omskrywinge aanneem, sien ons dat alle kreoolse tale mengeltale is of noodsaaklik die mengeltaal-stadium moes deurgemaak het, en dat 'n taal as Engels, wat algemeen as 'n tiepiese mengeltaal beskou word, daarin verskil van 'n kreoolse taal dat hier geen buiteneuropese taal 'n rol van betekenis gespeel het nie. Tiepes van kreoolse tale is in Suid-Afrika dié vorme van Nederlands wat gepraat word deur Hottentotte, Maleiers en Kaffers, en deur blanke so ver as hulle hierdie kreools-Nederlands oorneem.

Nou is daar geleerdes wat betoog dat Afrikaans wel 'n mengeltaal is, en ander wat die teenoorgestelde beweer. Hierdeur word 'n ondersoek na die geskiedkundige omstandighede so nie noodsaaklik nie, dan ten minste gewens.

*) Behalwe waar anders vermeld, word die eerste uitgawe aangehaal.

Voor ons tot hierdie ondersoek oorgaan, wil ek op 'n belangrike punt in verband met die voorgaande algemene beskouinge oor taalverandering die aandag vestig. Dit sal nl. blyk dat al die vreemdelinge met wie die Nederlanders in Suid-Afrika in aanraking kom, vroeër of later die taal van die Nederlanders oorneem. Nou kom dit my voor dat ons volwassene wat 'n vreemde taal deur hore-sê leer praat, in baie opsigte kan gelykstel met kinders wat begin praat. In besonderhede sal daar seker baie afwykinge voorkom in die manier waarop hulle dit doen, maar die psigologiese gronde moet in die algemeen ooreenstem. Om dié rede beskou ek sulke Nederlandslerende vreemdelinge dan ook as „kinders" wat Nederlands leer. Hiervoor kan ek my beroep op die voorbeeld van Jespersen, waar hy sê: „It seems evident that if we wish to find out the causes of linguistic change, a fundamental division must be into — (1) Changes that are due to the transference of the language to new individuals, and (2) Changes that are independent of such transference ... The first class falls again naturally into two heads, according as the new individual does not, or does already, possess a language" (*Language*, p. 191) d. w. s. kinders en vreemdelinge word hier tesaam gegroepeer (vgl. ook Hesseling, *Negerhollands*, p. 50).

Daar is beswaar teen gemaak dat ek in *Afrikaans en Maleis-Portugees* die verskillende soorte vreemdelinge-Nederlands tesaam klassifiseer ten opsigte van die invloed wat hulle op Hollands moes uitgeoefen het (Boshoff, *Volk en Taal van Suid-Afrika*, p. 78 vlg.), maar ek kan die beswaar nie groot genoeg vind om daaraan tegemoet te kom nie. Ek het toegegee dat daar in die groep vreemdelinge-Nederlands *onderling* wel verskille moes bestaan het, maar het gemeen en meen nog, dat die groep *ten opsigte van Hollands* 'n eenheid gevorm het en van Hollands kon afgebaken word.

Ook wat betref die karakter van die vreemdelinge-Neder-

lands, nl. dat dit in eerste instansie 'n Nederlands was met 'n mienimum van buigings- en vervoegingsuitgange, moet ek my standpunt handhaaf. Van 'n reaksie teen hierdie opvatting op grond van die mening van één geleerde, kan tog geen sprake wees nie. Jespersen mag seker nie aangehaal word as 'n voorstander van dié reaksie nie. Inteendeel, die aanhaling uit sy *Language* ens., hieragter gegee op bls. 145, bewys dat hy nog glo aan 'n „general levelling influence", ten minste waar sprekers van verwante tale met mekaar in aanraking kom. (Vgl. nog *Progress in Language*, p. 173.) Een of twee voorbeelde van fleksie in 'n mengeltaal bewys natuurlik nog nie dat oor die algemeen nie van defleksie mag gepraat word nie. Buitendien is die aangehaalde voorbeelde weinig oortuiend. In die vorme *makum, denkum, bytum* en *siekum* wat uit Kolbe en ander Afrikaanse reisigers aangehaal word (t. a. p., p. 80) kan geen fleksieverskynsels gesien word nie. Fleksie is immers 'n verandering in vorm wat *'n verandering in betekenis* uitdruk, en in die genoemde voorbeelde is daar geen sprake van verandering van betekenis deur verandering van vorm nie. Die eienaardige Hottentots-Afrikaanse uitgang *-um*, wat die ou reisigers ongetwyfeld meestal van mekaar oorgeskryf het, is m.i. dieselfde vokaliese uitgang wat ons vandag nog aantref in inboorlinge-Afrikaans, en wat teenswoordig meestal met *e* weergegee word. In die teenswoordige, betreklik gevorderde, Hottentots-Afrikaans is hierdie taalverskynsel seldsaam, maar leenwoorde soos *surute, surube, tawete, batare* ens. (Meinhof, *Lehrbuch der Nama-Sprache*, p. 107) wys daar nog op. In Masbieker- en Kaffer-Afrikaans kom dit nog baie voor: *lanke daarna hy kom weer .. hy lyke klat anders .. hy isse dood stil* (by Hesseling, *Het Afrikaansch*, p. 129 aangehaal); *„Assebliefe togge, my seuretjie, ekke hette gedogge diesse Boeremanne" (Die Huisgenoot*, Maart 1918, p. 219, oordrewe voorbeeld). Of ons hier te doen het met 'n naklank van die Hollandse e-uitgang *) of met 'n neiging uit die oorspronklike

*) Vgl. Kruisinga in *Taal en Letteren*, XVI, p. 423.

taal van die sprekers, laat ek in die midde, hoewel my persoonlike opienie, ten minste wat betref die Kaffers, sterk oorhel na die laaste onderstelling. In elk geval het ons hier te doen met 'n verskynsel wat nie onder die vormleer nie, maar onder die klankleer van krom-Afrikaans tuis hoort.

Fleksievorme in die geskrewe taal van Barbier (vgl. p. 35) bewys nog minder. Vermoedelik het die opsteller gemeen dat sy taal deur 'n paar sulke uitgange Hoog-Hollands word, soos baie mense in Suid-Afrika vandag nog meen (vgl. le Roux, *Beschrijvende Klankleer van het Afrikaans*, § 6).

Tot nader berig neem ek dus aan dat *oor die algemeen* by taalvermenging kort proses gemaak word met fleksieverskynsels. (Vgl. nog aanhalinge op p. 30, 36, 144). Hoe kan dit ook anders? Die hele historiese taalwetenskap getuig van die verlies van nominale en verbale fleksie as onderdeel van die algemene ontwikkeling van sintetiese in analietiese rigting, selfs daar waar al die kragte van behoud gekonsentreer is teen die kragte van ontwikkeling; hoeveel te meer moet dit die geval wees waar die tradiesie so verswak word en die ontwikkelingsfaktore so versterk as onder omstandighede soos die geskiedenis van die Nederlandse taal in Suid-Afrika van 1652 af aantoon?

HOOFSTUK II.

Verskillende teorieë oor die ontstaan van Afrikaans.

a. *HOTTENTOTSE INVLOED.*

Die oudste verklaring van die karakter van Afrikaans is afkomstig van Dr. Th. Hahn, wat in 1882 in 'n lesing voor die lede van die Kaapstadse Biblioteek gesê het: „The Dutch patois can be traced back to a fusion of the country dialects of the Netherlands and Northern Germany, and although phonetically teutonic, it is psychologically an essential Hottentot idiom. For we learn this patois first from our nurses and ayas. The young Africander, on his solitary farm, has no other playmates than the children of the Bastard- Hottentot servants of his father and even the grown-up farmer can not easily escape the deteriorating effect of his servants' patois" *(The Science of Language and its Study, with special regard to South Africa,* 1882; vgl. ook *Cape Times* van 29 April en 1 Mei 1882).

Soos blyk uit hierdie lesing en uit sy studies oor die Hottentotte, hulle taal en sedes, was Dr. Hahn goed op die hoogte van die destydse Duitse taalwetenskap. Die seun van 'n Duitse sendeling in Namakwaland, vermoedelik ook Afrikaanssprekend, 'n uitstekende kenner van die Hottentotte en van Suid-Afrikaanse toestande in die algemeen, was hy wel bevoeg om 'n opienie uit te spreek. Die absolute vorm wat sy uitspraak aangeneem het, die gebruik van die woord „patois" en die vir leke minder aangename konklusie waartoe hy gekom het, het veroorsaak dat Afrikaners meestal geneig was om sy verklaring met verontwaardiging van die hand te wys.

Dat Afrikaans „psychologically an essential Hottentot

idiom" is, sal nie kan aanneemlik gemaak word nie, en is m.i. beslis onjuis. Die rol wat Duits gespeel het in die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans moes ook vir Dr. Hahn 'n duistere gewees het, sodat hy hier 'n skoot in die blinde skiet. Die waarheid van die laaste sin in die aanhaling sal iedereen wat onder die genoemde omstandighede opgegroei het, met my kan onderskryf. Alleen geld dit nie vir die Afrikaner in die algemeen nie.

Tog kan daar uit die geskiedenis 'n baie sterk pleidooi ten gunste van Hottentotse invloed op die ontwikkeling van Afrikaans gemaak word. Vir die vroegste, en daarom wellig belangrikste, periode het ek gegewens bymekaargebring in 'n artiekel oor Afrikaanse taaltoestande onder Jan van Riebeek *(De Nieuwe Taalgids,* Jaarg. XVI, Afl. 3 en *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns,* Jaarg. 1, Afl. 1) waarna ek hier wil verwys. Die belangrikste historiese argumente ten gunste van 'n Hottentots-teorie is die volgende: (1) Vier jaar na die stigting van die kolonie, dato 15 Junie 1656, vermeld van Riebeek reeds in sy *Dagverhaal* dat die Hottentotte in die omgewing van die fort „die duytsche (d. w. s. Nederlandse) tale al redelyk fray beginnen te sprecken, *insonderheyt de jonge kinderen*". (2) Terwyl dit vasstaan dat die Hottentotte al vroeg in groot getalle Nederlands ken, is daar geen aanduiding dat die blanke, in die begin altans, behalwe in een of twee alleenstaande gevalle, Hottentots leer of wil leer nie. Inteendeel, in die brief waarin die Bewindhebbers van die Oos-Indiese Kompanjie die ontvangs erken van die Nederlands-Hottentotse woordelys van Wreede, waarvan hulle 'n paar eksemplare na die Kaap stuur, sê hulle dat die strewe moet wees dat die inboorlinge ons taal leer, eerder as ons dié van hulle (Brief van 29 April 1664). Soos ons sal sien, is dieselfde politiek later gevolg ten opsigte van die taal van die slawe. (3) *Invloed van Hottentots-Nederlands op die Nederlands van die blanke aan die Kaap kan al in 1685 met sekerheid vasgestel word.* Hiervoor en vir die voorafgaande het ons die offisiële getuienis van Kommissaris-Generaal van

Rheede, wat in 1685 berig: „Het is seker dat als men haer (nl. die Hottentotte) sal oordeelen aen dat uyterlijke, niet goets kan werden gegist, maer hebbende een grondigh onderwijs van haer leven en gedachten men haer anders sal bevinden, 't welck niemand hebben kan dan die haer tale verstaet en sprekende door vragen en antwoorden eerst bequaem soude wesen dat volck te konnen recht beschrijven, *hoedanige aen de Caep onder d'Ed. Compagnie niemand is.* Hier is een gewoonten onder al ons volck dat lerende dese inlanders de Nederduydsche spraek en dat deselve die op haer manieren seer krom en bij nae onverstandelijck spreken, *soo volgen de onze haer daer in nae, ja soodanigh de kinderen van onse Nederlanders haer dat mede aenwendende een gebroken spraek gefondeert werd* die onmogelijck sal wesen nae de hand te verwinnen, veel min onder de Hottentots de Duydsche tale in te voeren, daer het deselve niet en gebreekt aen bequaemheyt, sprekende alle woorden prompt uyt, sonder eenigh gebreck, indien men haer die wel voorseght, waer omtrent wel nodigh was wat meer agt geslagen wiert". *) (4) Vir die 18de eeu kan daar 'n hele lysie van gevalle aangehaal word van blanke wat Hottentots kon praat. So vermeld Sparrman selfs: „Dieper landwaard in, daar men geen andere dienstboden dan Hottentotten heeft, *leeren de kinderen van de ingezetenen der volkplantingen het Hottentotsch dikwijls eer dan het Hollandsch*" (p. 263), net soos vandag nog dikwels die geval is, b.v. met Sesoetoe aan die Basoetoegrens.

Die belangrike vraag rys in hierdie verband: Is Afrikaans dié vorm van Nederlands wat die Hottentotte „seer krom en by nae onverstandelijck" gepraat het, of die „gebroken spraek" wat „gefondeert werd" onder invloed van die krom Hottentots-Nederlands? Dr. Hahn meen klaarblyklik die eerste. Sy bedoeling skyn nie te wees dat Nederlanders in groot getalle Hottentots gaan praat en so hulle taal tot 'n mengeling van

---

*) Vgl. Blommaert in *Die Huisgenoot*, Sept. 1921 en le Roux in *De Nieuwe Taalgids, XVI*, 1.

Nederlands en Hottentots gemaak het nie, maar dat Nederlands in die mond van Hottentotte Afrikaans geword het. Daarom sê hy: „we learn this patois (Afrikaans) first from our nurses and ayas". As hy alleen maar bedoel het dat Hottentots-Nederlands suiwer Nederlands omgevorm het tot Afrikaans, sou hy hom nie so absoluut uitgedruk en Afrikaans geen „essential Hottentot idiom" genoem het nie.

Dat Afrikaans geen Hottentots-Nederlands is nie, dat die opvatting van Dr. Hahn, wat in Afrikaans „an essential Hottentot idiom" sien, dus verkeerd is, blyk duidelik uit die volgende oorweging: hoewel dit voor die hand lê dat daar in die loop van tyd groot toenadering moes plaasgevind het van die Nederlands van die Hottentotte aan dié van die blanke, is Hottentots-Nederlands vandag nog nie Afrikaans nie.

Op die suiwer taalkundige argumente in verband met die verskillende teorieë kom ek later nog terug. Hier is dit my veral te doen om die historiese gronde waarop die teorieë berus. Tog wil ek hier ter verduideliking 'n staaltjie van Hottentots-Nederlands aanhaal, deur Prof. Hesseling aan *Ons Klyntji* ontleen *(Het Afrikaansch,* p. 129), waarin duidelik uitkom wat Dr. Hahn bedoel met „phonetically teutonic" maar „essentially Hottentot": „Hay etse, deusman se kind jy lê stan skent Grikwa se kind by di korakter, het deusman se kind ni ge lê stan oplet hoe boer se kind lê stan ferwonder by di plaas, hoe krikwa (Grikwa?) se kind lê stan lees di krant ni?" In my eie transkripsie — dit was die taal van my speelmaats — sou dit daar as volg uitsien: „Haai, etsê! Deusman (Duusman, Duisman)-se-tjint (tjeent), jy lê-stanskent (stjent) Griekwa-se-tjint by die koraakter! Het Deusman-se-tjint nie gelê-stan-oplet hoelat Boer-se-tjint (hom) stan-lê-verwonder by die plaas hoelat Griekwa-se-tjint stanlê-lees die koeraan(t) nie?" Die gebruik van woorde soos *skend, karakter, koerant* toon aan dat die spreker se Nederlandse woordeskat aansienlik is, en die staaltjie dus nie die allerprimitiefste Hottentots-Nederlands voorstel nie, hoewel dit lang nie die beste, selfs nie die gemiddelde is nie. H i e r d i e

taal is egter net so min Afrikaans as wat Afrikaans Hollands is.

Teen die Hottentots-teorie in die algemeen gebruik Prof. Hesseling *(Het Afr.*, p. 130, 131) die argument dat die mag van die skryftaal en van die huisgodsdiens, gevoeg by die minagting van die Boere vir die kleurlinge, kragtig genoeg was om Afrikaans in sy teenswoordige staat te handhaaf. Immers, as die taal van die Hottentotte dié invloed gehad het wat Dr. Hahn daaraan wou toeken, sou die eenvormigheid wat algemeen in Afrikaans opval, moet ontbreek het: „de Transvalers, die Kaffers in hun dienst hebben, zouden anders spreken dan de Boeren wier bedienden Hottentotten of Basterd-Hottentotten zijn." Vir 'n gedeelte is ek dit hiermee eens, alleen moet die invloed van die skryftaal nie hoog aangeslaan word nie, en kon die Hottentotse invloed al deurgewerk het voor die Boere met Kaffers in aanraking gekom het.

b. FRANSE INVLOED.

Ongeveer terselfdertyd as Dr. Hahn sy Hottentots-teorie in Kaapstad bekend gemaak het, was daar in Holland 'n ander teorie aan 't opkom, onder die voorstanders waarvan manne voorkom met klinkende name op die gebied van die Nederlandse taalwetenskap. Prof. Hesseling deel daaromtrent mee *(Het Afr.*, p. 124 vlg.) dat Prof. M. de Vries in partikuliere briewe en op sy kolleges die mening geuit het dat Afrikaans in wese Nederlands in Franse mond was. Taalkundige grond hiervoor het hy daarin gevind, dat Franse wat lang in Holland gewoon en Hollands geleer praat het, dieselfde taaleienaardighede vertoon as wat mens ook in Afrikaans vind. In die *Volksalmanak der Maatschappij tot Nut van 't Algemeen*, 1882, het Mnr. Stoffel die opinie uitgespreek dat die taal van die Kapenaars die natuurlike uitvloeisel was van die behoefte aan 'n gemaklike en handelbare middel tot gedagtewisseling tussen die Kaapse Hollanders aan die een kant en die Franse Hugenote, wat genoodsaak was om hulle taal op te

gee, aan die ander kant. Die vernaamste voorstander van hierdie teorie was egter Prof. te Winkel, wat in *Vragen van den Dag*, 1896, die verskillende argumente ten gunste van die Frans-teorie uiteengeset het. Ook Ds. S. J. du Toit in sy *Fergelykende Taalkunde van Afrikaans en Engels*, 1897, neem Franse invloed aan, waar hy sê dat die liggaam van die Afrikaanse taal (die woordeskat) Germaans gebly het, maar die siel (die grammatika) gewysig is onder Franse en Engelse invloed. Die invloed van Engels — wat trouens ook 'n Germaanse taal is — het te laat gewerk om die Afrikaanse grammatika veel te beïnvloed, sodat veral Franse invloed, na Ds. du Toit se mening, van betekenis kon gewees het.

Die algemene historiese argumente waarop die teorie berus, is welbekend, nl. die feite in verband met die aankoms van die Franse Hugenote. As ons hierdie feite egter op die keper beskou, blyk dit dat die argumente nie sterk kan genoem word nie.

In 1690 was die aantal Hugenote aan die Kaap 150, teenoor 794 ander Europeane (Leibbrandt: *Rambles through the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 55). Van die 1285 blank kinders aan die Kaap gebore in die periode 1688—1707, die 30 jaar wat volg op die aankoms van die Hugenote, was daar 386 Franse (Colenbrander: *De Afkomst der Boeren*, p. 110.) Aan die einde van die 18de eeu was daar ongeveer 15 % Franse bloed in die Afrikaanse volk.*) Hierdie verhouding toon aan dat die aantal Franse te gering was om veel invloed uit te oefen, veral as ons in aammerking neem dat hulle in Suid-Afrika as vlugtelinge aangekom het en dus nie op te veel regte aanspraak kon maak nie; dat baie van die Hugenote al 'n tyd in Holland gewoon het voor hulle emigrasie na Suid-Afrika en dus al 'n seker kennis van Nederlands moes gehad het; dat hulle taal nie simpatiek behandel is deur die outoriteite aan die Kaap nie, sodat Frans na 50 jaar so goed as aan 't uitsterwe

*) Vir Afrikaanse bloedmenging, vgl. artiekel in *Vragen van den Dag*, April 1923, en *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, II*, 4.

was en dus nie veel tyd gehad het om invloed uit te oefen nie. Die Kaapse regering was daarop bedag — net soos by die taal van die Hottentotte en slawe — om die invloed van Frans teen te gaan. Die onderwysers onder die Hugenote moes tweetalig wees en daar moes voor gesorg word dat Franse kinders Hollands leer. Die Hugenote moes nie almal bymekaar grond kry nie, maar met opset so verdeel word dat hulle sterk onder Hollandse invloed moes kom. Die moeilikhede in verband met Frans as preektaal, wat al gou begin het, mag ek bekend veronderstel. In 1723 was daar in Drakenstein nog maar 25 ou mense wat geen Hollands kon verstaan nie. Al hierdie besonderhede kan gevind word in Theal: *History of South Africa*, 1, p. 339 vlg. Die Franse reisiger, de la Caille, sê in 1752 dat die oorspronklike Franse vlugtelinge hulle taal bewaar en aan hulle kinders oorhandig het, maar dié kinders, wat verplig was om met die *Nederlandssprekende* Nederlandse en *Duitse* kinders om te gaan en later met hulle ondertrou is, het aan *hulle* kinders geen Frans geleer nie. De la Caille het niemand onder 40 jaar ontmoet wat Frans kon praat nie, of dit moes 'n nuwe immigrant gewees het *(Journal Historique du Voyage fait au Cap de Bonne Espérance*, 1763, p. 170). In die 18de eeu het daar maar baie min Franse na Suid-Afrika gekom, 'n stuk of 12 volgens Dr. Colenbrander se lys. Le Vaillant, wat in 1783 Fransch Hoek besoek het, sê dat die nakomelinge van die Hugenote die herinnering aan Frankryk nog nie verloor het nie, maar die Franse taal vergeet het; selfs hulle sedes is opgelos in die Hollandse; die enigste waaraan hulle te herken is, is hulle swart hare! *(Second Voyage dans l'Intérieur de l'Afrique*, p. 35).

Die taalhistoriese feite in verband met Frans kan dus as volg opgesom word: (1) 'n Gedeelte, sê 20 % van die blank bevolking aan die Kaap, het gedurende 'n 50 jaar *onder mekaar* Frans gepraat; (2) in die eerste generasie het hulle al die taal van die land begin aanleer; (3) reeds in die twede generasie het 'n vorm van Nederlands die tradisionele taal van die Hugenote geword; (4) sinds 1709 was hulle verplig om in hulle

offisiële korrespondensie Nederlands te gebruik (vgl. Dehérain, *Le Cap de Bonne Espérance*, p. 240); (5) 'n honderd jaar na die aankoms van die Hugenote was hulle nakomelinge heeltemal opgelos in die Nederlandse bevolking.

Die teorie dat Hollands in die mond van die Hugenote Afrikaans geword het, het vandag geen voorstanders meer nie, vir 'n groot gedeelte dank sy die kritiek van Prof. Hesseling op die Frans-teorie in *De Gids* van Januarie 1897. Soos blyk uit sy *Geschiedenis der Nederlandsche Taal* (p. 34) was Prof. te Winkel in 1901 al 'n ander teorie toegedaan. Hy sê daar: „Niet geheel zonder invloed van het Fransch der Hugenoten, ... maar vooral onder dien van het Maleisch-Portugeesch der Nederlandsche kolonisten, Maleiers . . . en Negerslaven . . . . werd de spreektaal in menig opzicht veranderd en verminkt".

c. DUITSE INVLOED.

Ons het reeds gesien dat Dr. Hahn Afrikaans 'n „Hottentot idiom" noem waarvan die oorsprong kan teruggevoer word op Hollandse en Duitse plattelandse dialekte. Hierdie terloopse aanname van Duitse invloed kom sterker voor die dag by Prof. Hugo Schuchardt, die bekende outoriteit op die gebied van mengeltale, veral Kreools-Romaans. 'n Duits-teorie ter verklaring van die ontstaan van Afrikaans het hy in soveel woorde egter nie geformuleer nie. Sy mening vind ons in 'n resensie van Prof. N. Mansvelt se *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon* in *Literaturblatt für germanische und romanische Philologie*, 1885, p. 464 vlg. Hy sê: „Das Kapholländische ist das Resultat einer sehr starken und merkwürdigen Sprachmischung. Schon der H o l l ä n d i s c h e Grundstock zeigt, ganz abgesehen von der Erhaltung vieler Altertümlichkeiten, sehr verschiedenartige dialektische Elemente, um deren Feststellung sich der Verfasser (Prof. Mansvelt) redlich bemüht hat. Darüber scheint ein anderes Wesentliches von ihm ver-

nachlässigt worden zu sein. Unter den holländischen Kolonisten befanden sich gleich von Anfang an viele Deutsche; und so ist denn, nicht bloss durch deutsche Soldaten der Ostindischen Kompagnie und deutsche Missionäre späterer Zeit, viel D e u t s c h e s ins Kapholländische gekommen. Manches führt der Verfasser an; aber das meiste ist ihm entgangen. Freilich ist die Scheidung des Deutschen vom Holländischen ungemein schwierig; vielfach tritt Allgemein-Deutsches auch in Holland hier und da auf (z. B. *nakend — rakker — dat is water op sy meule)*, und die Möglichkeit, dass dem östlichen Holland irgendein deutsch scheinender Ausdruck angehört, ist, bis zu gründlicher Prüfung, als eine hinlänglich grosse anzusehen. Immerhin wird die Menge der Wörter und Wendungen, welche dem auch mit den Mundarten des Stammlandes bis zu einem gewissen Grade vertrauten Holländer fremdartig erscheinen, uns Deutschen aber mehr oder weniger geläufig sind, die Stärke des deutschen Einflusses ausser alle Frage stellen". Dan gaan hy voort met voorbeelde uit die taal aan te haal, waarop ons later terugkom. Daarna raak hy Franse invloed, waaraan hy nie veel glo nie, effentjies aan, asook Engelse, Maleise en Portugese. In verband met die laaste twee tale sê hy: „Es ist nun die Frage, ob die malaiischen und portugiesischen Wörter etwa auch auf ganz gleichem Sprachvehikel herübergekommen sind, d. h. entweder diese auch als malaiische (wie sich ja *maski, trongko* wirklich im Malaiischen finden) oder jene auch als portugiesische, d. h. als indoportugiesische (kapholl. *amper* z. B. kommt auch im Ceylonport. vor). Beides ist möglich; das letztere mir wahrscheinlicher als das erstere". Na nog 'n paar taalkundige voorbeelde gaan hy voort: „Als allerwichtigster Streitpunkt bleibt endlich die Frage nach der Einwirkung des Hottentottischen (von den Bantusprachen ist abzusehen) auf die Bildung des Kapholländischen übrig.... Es fragt sich, ob die kreolische Färbung, welche das Kapholländische trägt, auf Rechnung des Hottentottischen zu setzen ist." Dan haal hy die hierbo reeds gesiteerde woorde van Dr. Hahn aan, en merk daarby op: „Ich glaube nicht dass

man Recht hat dagegen zu sagen, die Boeren hätten von je ihre einheimischen Diener in einer zu grossen Entfernung von sich gehalten, um durch sie beinflusst zu werden; ganz gleich, weder in numerischer noch in qualitativer Beziehung, war allerdings dieses Verhältnis dem zwischen den Negersklaven und ihren Herren in anderen Kolonien nicht. Anderseits müssen wir zugestehen, dass in der Grammatik des Kap-holländischen bisher ebensowenig Hottentottisches wie Französisches mit Sicherheit nachgewiesen ist".

Met alles wat hier uit Schuchardt aangehaal is, kan ons akkoord gaan, behalwe miskien met wat hy sê oor die verhouding tussen die Boere en die Hottentotte. Hy is versigtig genoeg om hom nie te laat verlei tot 'n uitspraak oor wat hy as die hoofoorsaak van die vervorming van Nederlands in Suid-Afrika beskou nie, maar wys al die verskillende eksterne invloede aan.

Veral kan onderskryf word wat hy aanvoer oor die moeilikheid om in Afrikaans spore van Duitse invloed aan te toon. 'n Des te sterker argument kon hy egter uit die geskiedenis aangevoer het. Om moontlike Duitse invloed op die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans te kan beoordeel, is dit nodig dat dié leemte 'n bietjie aangevul word.

Van 1657 af bestaan 'n deel van die Kaapse bevolking uit sogenaamde *vryburgers*, grondbesitters wat nie in die diens van die Kompanjie was nie. Hulle het dus die vaste element van die bevolking gevorm, teenoor die min of meer vlottende garnisoensbesetting van soldate en matrose. Volgens die lyste van vryburgers gedurende die periode van van Riebeek, blyk dat daar in dié periode aan 167 burgers vrybriewe uitgereik is, waaronder 104 aan Nederlanders, 40 aan Duitsers en 23 aan burgers van ander nasionaliteite (Colenbrander: *De Afkomst der Boeren*, p. 126). Later, in die tyd van Simon van der Stel, is daar instruksies gegee om vrybriewe uit te reik alleen aan Nederlanders en *Duitsers* van die Hervormde

geloof. Tot 1795 gee Theal *(Hist of South Africa,* 11, p. 324) die volgende syfers: Van die 1391 Afrikaanse stamvaders van wie die nasionaliteit kan vasgestel word, kom 745 uit Duitsland, 434 uit Nederland, 72 uit Frankryk, 34 uit Switserland, 29 uit Denemarke, 27 uit Swede, 23 uit België en die ander 27 (w.o. net 3 Engelse) uit ander lande.

Hierdie syfers gee egter 'n te gunstige verhouding aan vir die Duitsers. Die oorwig van Duitse teenoor Nederlandse stamvaders het eers omstreeks 1750 tot stand gekom, toe die Nederlandse invloed al gevestig was. Buitendien was daar onder die immigrante na verhouding baie min Duitse vrouens: tot 1806 413 Nederlandse, 95 Duitse en 68 Franse (Colenbrander: *De Afkomst der Boeren,* p. 113). Die verhouding aan die begin van die 19de eeu tussen blank Afrikaners van Nederlandse, Duitse, Franse en ander afkoms was ten naastenby 53 : 28 : 15 : 4, waaruit blyk dat die Duitsers iets meer dan die helfte van die Nederlanders uitgemaak het, en die Franse iets meer dan die helfte van die Duitsers.

Selfs wanneer ons egter in aanmerking neem die betreklik late aankoms van die Duitsers en die feit dat daar weinig moeders onder hulle was, is die verhouding nog van dié aard dat ons sterk Duitse invloed op die wordingsgeskiedenis van ons volk en taal moet aanneem. Dat die spore so moeilik aan te toon is, lê ongetwyfeld in die rede deur Schuchardt aangevoer: die nou verwantskap en die groot ooreenkoms tussen Nederlanders en Duitsers wat taal en karakter betref.

Die resultaat van die aanraking tussen Nederlands en Duits in Suid-Afrika was, net soos in die geval van Frans, dat die Duitsers hulle taal opgegee en die landstaal aangeneem het. Wel het die Duitse invloed langer aangehou werk as die Franse, maar dit was waarskynlik op geen tydstip so gekonsentreer as die Franse omstreeks 1700 nie. Die Duitse element van die Kaapse bevolking het, behalwe ten opsigte van hulle Lutherse geloof, nooit 'n aparte, samehangende groep gevorm nie. As die oplossing van die Hugenote in die Afrikaanse volk gou gegaan het, by die Duitsers was dit nog meer die

geval. Verstaanbare mededeling tussen Duitser en Nederlander moes, weens die ooreenkoms van die tale, van die eerste dag af moontlik gewees het, al was dit natuurlik gebrekkig. Uit die mededeling van de la Caille (p. 22 hiervóór) blyk dat die Duitsers, teenoor die Franse, een groep met die Nederlanders gevorm het, deurdat die Duitsers ook Nederlands gepraat het. Buitendien was 'n groot deel van die Duits-Afrikaanse stamvaders ou-dienare van die Oos-Indiese Kompanjie, sodat hierdie deel al minstens krom-Nederlands moes kon gepraat het voor hulle vestiging aan die Kaap.

d. MALEIS-PORTUGESE INVLOED.

Uit die pas aangehaalde syfers met betrekking tot die afkoms van die Afrikaanse volk blyk dit dat ander Europese nasies as Duitsers en Franse te swak verteenwoordig was aan die Kaap om as taalfaktor in aanmerking te kom. Oor die invloed van die oorspronklike inwoners, die Hottentotte, het ons reeds gepraat. Die enigste bevolkingselement van betekenis wat oorbly, is die slawe.

Baie van die slawe aan die Kaap, in die 18de eeu, het uit die Ooste gekom en 'n taal gepraat waarvan die hoofbestanddele gebroke Portugees en Maleis was. Ook die handelstaal in die Ooste het in die 17de eeu hoofsaaklik elemente van hierdie twee tale bevat. Dit is dus natuurlik dat die invloed van hierdie taal, of tale, ook aanleiding gegee het tot 'n teorie oor die ontstaan van Afrikaans, die sogenaamde „Maleis-Portugees-teorie".

In die resensie van Schuchardt van 1885 het ons gesien dat hy ook Maleise en Portugese invloed op Afrikaans ter sprake bring. Miskien na aanleiding van die opmerkinge van hierdie geleerde het Prof. D. C. Hesseling die teorie opgestel, eers in *De Gids* van Januarie 1897, en later in *Het Afrikaansch* (Leiden, 1899), dat Maleis-Portugees die belangrikste faktor was in die ontwikkelingsproses waarby Hollands Afrikaans geword het. Hierdie teorie het kragtige ondersteuning gevind

in 'n proefskrif, *Afrikaansche Studies* (Gent, 1905), van Dr. P. J. du Toit.

Die Maleis-Portugees-teorie het in Holland baie aanhangers gevind en is daar die vrywel algemeen aangenome verklaring van die ontwikkeling van Afrikaans. Ons het al gesien dat Prof. te Winkel sy eie Frans-teorie ten gunste daarvan opgegee het. Verdam *(Uit de Gesch. der Nedl. Taal,* 2de uitg. 1902, p. 93 vlg.) sê: „Uit het door Dr. Hesseling ingesteld onderzoek . . . is gebleken dat de taal onder wier invloed het Nederlandsch is vervormd, niet is het Fransch, de taal der zich onder de vroegere kolonisten bevindende Hugenoten, welke zoo goed als geene sporen heeft nagelaten; ook niet het Duitsch, hetwelk slechts de taal der kolonisten met eenige woorden heeft verrijkt, noch ook de talen der inboorlingen, het Hottentotsch of het Kaffersch, maar het Maleisch-Portugeesch". Van Ginneken *(Handboek der Nederlandsche Taal,* 1, p. 207) sê: „Hier (nl. in Maleis-Portugees) hebben we dan ook den hoofdfactor gevonden van het Creoliseeringsproces, dat het Nederlandsch der toonaangevende kolonisten tot Afrikaansch heeft gemaakt",*) en in Lecoutere (*Inleiding tot de Taalkunde en de Geschiedenis van het Nederlandsch,* 1915, p. 186) lees ons: „Aan dit Maleisch-Portugeesch is het te wijten, dat het Ndl. der Colonisten een creoliseeringsproces heeft ondergaan, waarvan de uitslag het Afrikaansch is."

Omdat ons uitvoerig by die argumente ten gunste van hierdie teorie sal moet stilstaan, gee ons dit hier baie beknop weer in die woorde van Verdam (t.a.p., p. 94): „Deze taal (nl. Maleis-Portugees) was die welke voor het verkeer in den Indischen Archipel werd gebruikt, een Portugeesch dat zeer sterk was gaan afwijken van dat hetwelk te Lissabon gesproken werd, en waarin een groot aantal Maleische en Hol-

*) Later, in De Regenboogkleuren van Nederlands taal, p. 196, klink dit egter: „De Creoliseering van het Afrikaansch is misschien voor een klein gedeelte ook het gevolg van den invloed van het Maleisch-Portugeesch. Maar de overal werkende oorzaak: de taaldooreenhaspeling van allerlei Europeanen, Indiërs en Afrikanen was hiervan zeker de voornaamste drijfveer".

landsche woorden voorkwamen. Getuigenissen van het bestaan van zulk eene Indische mengeltaal, zeemanstaal, markttaal, of hoe men haar noemen wil, bestaan er in menigte van vroegeren en lateren tijd. Deze taal was in de eerste 50 jaren van het bestaan der kolonie aldaar zeer vespreid; zij deed er dienst als haventaal en als slaventaal en werd ook door de kolonisten gesproken: en dit laatste is vooral een belangrijk punt, want alleen van eene taal die gesproken wordt, gelijk b.v. het Fransch door de hoogere standen in Engeland, kan eene dergelijke vervorming uitgaan, als het Nederlandsch in Zuid-Afrika heeft ondergaan." En dan volg taalkundige voorbeelde van die invloed van Maleis-Portugees op Afrikaans.

Voordat ons oorgaan tot 'n nader bespreking van die Maleis-Portugees-teorie, bring ons eers ons oorsig van die verskillende teorieë ten einde.

e. *DIE „UEBERTRAGUNGS"- OF KREOOLS-NEDERLANDS-TEORIE.*

Nie by alle geleerdes het die Maleis-Portugees-teorie instemming gevind nie. Die eerste wat daarteen opgekom het, was Dr. H. Meyer(-Benfey) in *Die Sprache der Buren* (Göttingen 1901). In die aanleiding tot hierdie Afrikaanse grammatika redeneer hy as volg: As Maleis-Portugees in so 'n omvang aan die Kaap geheers het dat dit vir slawe en seevarende, d.w.s. die besliste meerderheid, die hoof-, miskien selfs die enigste taal was, en deur die ander koloniste ook nog, naas Nederlands, verstaan en gepraat is, dan sou mens verwag dat Maleis-Portugees op den duur Nederlands heeltemal verdring en self die landstaal moes geword het. In plaas daarvan het Maleis-Portugees in die loop van die 18de*) eeu self in Suid-Afrika verdwyn, en het Afrikaans die moedertaal geword ook van die Hottentotte, slawe en kleurlinge.

Die argumente van Prof. Hesseling het hom nie oortuig nie. Baie van die grammatikale ooreenkomste tussen Afrikaans en

*) Juister was: 19de.

Maleis-Portugees wat Prof. Hesseling aanvoer, *kan* maar *hoef* nie as Maleis-Portugese invloed beskou te word nie. Hy meen dat nòg Maleis-Portugees, nòg enige ander taal, beslissende invloed op die grammatikale bou van Afrikaans gehad het, maar dat die ooreenkomste tussen Afrikaans en Maleis-Portugees moet verklaar word volgens die beginsel: Gelyke oorsake, gelyke gevolge. Die gelyke oorsake is in die eerste plek aanraking met vreemde tale en taaloordrag (Sprachübertragung). In sekere sin het ons dus wel met invloed van vreemde tale te doen, maar in 'n heeltemal ander, meer indirekte sin, nie met invloed van die vreemde taal as sulks nie, maar met die blote feit van taaloordrag. Hottentotte, slawe, matrose het Nederlands geleer deur dit te hoor praat. Dit spreek vanself dat by hierdie manier van aanleer van 'n vreemde taal baie fynighede van dié taal verlore gaan, sonder dat daar noodsaaklik iets van die nuweling se moedertaal voor in die plaas kom. Alles werk in die rigting van vereenvoudiging, van vergemakliking, van verlies van grammatikale onderskeidinge ens., en die Nederlanders, wat self nie meer in direkte aanraking met Hollands gekom het nie, maar wel in voortdurende aanraking met Kreools-Nederlands, moes die veranderinge des te sekerder meemaak, omdat hulle by gebrek aan iedere teregwysing van die afwykinge niks kon gemerk het nie.

Dan werp die skrywer 'n beswaar op teen sy eie teorie, wat hom op 'n ander vermoede bring, nl. dat Afrikaans eintlik 'n 17de-eeuse seemanstaal was, so iets ten opsigte van Hollands as Maleis-Portugees ten opsigte van Portugees. (Vgl. benede).

In 1904 hou Dr. Meyer-Benfey 'n lesing oor „Die Burensprache und ihre Literatur" *(Preussische Jahrbücher,* 1904) waarin hy weer op sy uitgangspunt skyn terug te kom. Hieruit haal ek die volgende aan: „Wenn wir die eigentümliche Entwicklung der Burensprache mit den Veränderungen anderer germanischen Sprachen vergleichen, so sehen wir dieselben Phänomene dort, wie überall: lautlicher Verfall und Verfall der Flexionen und damit der grammatischen Unterscheidungen.... Die Entwicklung verläuft also in der gewöhnlichen

Richtung, nur ist sie viel schneller und energischer vor sich gegangen. Den Grund werden wir zunächst in der Isolierung und der geringen Bildung der Buren zu suchen haben; zumal der Mangel an literarischer Tradition und an grammatischer Zucht und Kontrolle machte ihr freie Bahn. Aber ein anderer Faktor kam hinzu: die Uebertragung auf fremde Rassen, speziell die Hottentotten und Sklaven." Dan volg voorbeelde van Hottentots-Afrikaans uit Kolbe, waarin Dr. Meyer-Benfey alle karaktertrekke van Afrikaans reeds tesaam vind. Hy kom tot die konklusie: *„Die Burensprache war also damals die Sprache der Hottentotten im Verkehr mit den Weissen"*. Hoe hierdie taal op die blanke oorgegaan het, is ook geen geheim meer nie: „denn die Hottentottinnen waren geschätzt als Ammen, und von ihnen hat die junge Generation sprechen gelernt. Der endgültige Sieg dieser Sprachform wird daher zusammenfallen mit dem Aussterben der letzten Siedler, die aus dem Mutterlande herübergekommen waren. Natürlich wurden nur die Spracherscheinungen übernommen, die dem germanischen Sprachgeiste konform sind; andere fremdartige Züge, die undeutsche Wortstellung mit dem Verb am Ende, die Auslassung der Hilfsverben u. a. wurden wieder beseitigt". Hier verwag mens dat Dr. Meyer-Benfey melding maak van die opvatting van Dr. Hahn, waarmee hy by Hesseling en Schuchardt kennis moes gemaak het.

In *„Die Sprache der Buren"* lees ons dan verder: „Immerhin ist die holländische Sprache in Südafrika nicht vollends eine Art Kreolisch geworden und hat ihren germanisch-niederländischen Charakter viel getreuer bewahrt, als das Portugiesische im Kreolischen (Maleis-Portugees) den seinen, auch wenigstens einige Reste der Flexion (die *-e* van die byv. nw.) erhalten. Dies dankt sie dem Umstande, *dass ihr eigentlicher Träger immer das ursprünglich zu ihr gehörige Volk war*, und dass dieses sie mit bewusster Absicht und Konsequenz festhielt und pflegte". Hierdie uitspraak kan moeilik gerym word met dié van drie jaar later (kyk benede), en ons moet m. i. aanneem dat die skrywer ook hieromtrent van insig verander het,

hoewel dit my makliker lyk om 'n opienie te wysig oor die oorsake van die verandering as oor die karakter van die taal self.

Die Kreools-Nederlands-teorie van Dr. Meyer-Benfey, m. i. verkeerd, maar aanneemliker voorgestel, vind ons terug by Dr. Kruisinga (*Taal en Letteren*, XVI jaarg., p. 436), wat bereid is om dit as alternatief van sy „spontane-ontwikkelingsteorie" aan te neem. Ons het gesien dat Dr. Meyer-Benfey Afrikaans beskou as „die Sprache der Hottentotten im Verkehr mit den Weissen"; Dr. Kruisinga praat van „het geadapteerde Hollands van de inboorlingen *en vreemde Europeanen*". Dit is egter nog nie die grootste verskil nie. Dr. Kruisinga wil desnoods invloed van Hottentots- en ander vreemdelinge-Nederlands op die ontwikkeling van Afrikaans aanneem; Dr. Meyer-Benfey meen dat Afrikaans ('n hoogstens min of meer ontwikkelde) Hottentots-Hollands is. Die verskil is hemelsbreed.

f. DIE SEEMANSTAAL-TEORIE.

Dr. Meyer-Benfey self het, soos bo aangedui, die Kreools-Nederlands-teorie onvoldoende gevind. Op grond van taalverskynsels in die *Dagverhaal* van van Riebeek reeds, en verder in die staaltjies by Kolbe en in die manifes van Barbier, meen hy, gedeeltelik ongetwyfeld in navolging van Prof. Hesseling, *dat Afrikaans al in die eerste jare van die stigting sy beslag gekry het.* Hierin sien hy die verklaring van die merkwaardige gelykvormigheid van Afrikaans, byna sonder dialektiese afwykinge. As die Kreools-Nederlands-teorie steek hou, dan moes in die eerste jare radikale en verrassend snelle veranderinge in die taal plaasgevind en daarna in die volgende eeue 'n toestand van byna absolute stilstand ingetree het. Dit is te onwaarskynlik. Hy kan hom nie voorstel dat die eerste koloniste hulle spreekwyse so kon wysig nie, want taalveranderinge gaan meestal gepaard met die optree van 'n nuwe generasie.

Daarom waag hy 'n ander verklaring: „Vielleicht standen die Grundzüge der Sprache schon vor der Besiedlung fest und

ihre Entwicklung geschah gar nicht in Afrika. Mit anderen Worten, vielleicht hatte der blühende überseeische Handel auch beim Holländischen eine ähnlich abgegriffene und entartete Mischform als Schiffer- und Küstendialekt erzeugt, wie sie sich beim Portugiesischen viel früher herausgebildet hatte. Die Verhältnisse waren ja ganz dieselben. So können uns denn auch die vielen Uebereinstimmungen des Burischen und des Kreolischen (d. i. Maleis-Portugees) nicht überraschen. Da letzteres zugleich die Sprache war, mit der die Holländer am meisten zu thun hatten, so käme auch ihr Einfluss auf die Gestaltung der Burensprache zu seinem Rechte, nur dass ich mir auch dann diesen Einfluss mehr als einen indirekten, ...denn als direkte Nachbildung vorstelle". Dat ons van so 'n Baster-Hollands niks bekend is nie, kom daar vir hom minder op aan. Dit het natuurlik alleen in die mondelinge verkeer geleef. En wat sou ons geweet het van Maleis-Portugees as dit nie toevallig op 'n paar plekke bewaar en opgeteken is nie?

Vir hierdie idee vind Dr. Meyer-Benfey steun by Prof. Hesseling, wat vermoed dat daar in die 17de eeu op Batavia 'n soort Nederlands bestaan het met baie punte van ooreenkoms met Afrikaans. Op die Wes-Indiese eilande kan vandag nog spore van 'n soortgelyke Nederlands aangetoon word.

Reeds in die 17de-eeuse skryftaal het so 'n verwarring geheers met betrekking tot die woordgeslag dat daar kunsmatig reëlmaat in die warboel moes gebring word. In die volkstaal sal dit wel nog erger gewees het. En in die seemanstaal, wat immers gepraat is deur mense afkomstig uit alle wêrelddele, sal verbuiging en grammatiese kategorieë ook wel in verval gewees het. En juis die seemanstaal immers het sy spore agtergelaat op Afrikaans, soos blyk uit sulke woorde as *klip, kooi, kombuis, kombers*. Maar, sê hy: „die vollständige Ausgestaltung und Konsolidierung wird erst auf afrikanischem Boden entstanden sein."

Waar die outeur van hierdie teorie self toegee dat dit alleen op 'n historiese waarskynlikheid berus, kan ons volstaan met

onvoldoende aanneemlikheid — of voldoende onaanneemlikheid — te konstateer. Trouens, in sy later artiekel oor „Die Burensprache und ihre Literatur" kom hierdie teorie minder duidelik op die voorgrond. Daar word verskillende faktore genoem, o.a. dialekvermenging, seemanstaal, Maleis-Portugees, spontane ontwikkeling, isolasie, gebrek aan opvoeding, maar veral „die Uebertragung auf fremde Rassen". Hy neem daar nog aan dat „die Ausbildung der Burensprache in die ersten Zeiten der Siedelung zurückreicht", maar van die vermoede dat „die Sprache teilweise älter als die Siedelung selbst und gar nicht erst in Afrika entstanden sei", heet dit nou dat dié teorie *„in einigen Punkten* sicher zutreffen (wird)".

'n Gunstige verklaring skyn dus te wees dat die wysiging in sy opvatting hierop neerkom, dat die 17de-eeuse Hollandse seemanstaal die boom was waarop Afrikaans geënt is, in plaas van sy vroeëre mening dat die Afrikaanse boom uit Indië oorgeplant is aan die Kaap. Eienaardig is alleen dat hy hier so lig heenstap oor wat hom tevore so 'n groot moeilikheid gelyk het: die vroeë ontstaan van Afrikaans. Dit is duidelik dat hy nie in die genoemde staaltjies by Kolbe ens. 'n oorgangstadium sien nie, want hy sê: „Die Burensprache war also damals (in die tyd van Kolbe) die Sprache der Hottentotten im Verkehr mit den Weissen", m.a.w. Afrikaans is Hollands in die mond van Hottentotte en slawe. Dat die laaste daarby hoort, blyk uit die verband. Hiermee is ons weer by die teorie van Dr. Hahn.

In die werk van Meyer-Benfey vind ons baie waardevolle algemene aanwysinge, maar hy het hom te veel terloops met die saak bemoei om duidelikheid in sy idees te kry. Daarom spring hy so van hak op tak en is dit so moeilik om 'n oorsig te gee van sy opvattinge.

g. SPONTANE ONTWIKKELING.

Ook by minstens een Nederlandse geleerde kon Prof. Hesseling se Maleis-Portugees-teorie geen instemming vind nie, nl.

Dr. E. Kruisinga, die Anglis. Prof. Hesseling se verklaring van Afrikaanse taalfeite deur die invloed van Maleis-Portugees aan te neem, maak ook op hom nie die indruk van noodwendig waar te wees nie (*Taal en Letteren*, XVI, p. 417). Waar egter Dr. Meyer-Benfey ook aanneem dat die ontwikkeling van Afrikaans te snel was om sonder vreemde invloed verklaar te kan word, meen Dr. Kruisinga dat Prof. Hesseling die bestaan van Afrikaans te vroeg stel, en dat wat laasgenoemde verklaar deur invloed van Maleis-Portugees die resultaat *kan* wees van selfstandige ontwikkeling, en waar ons te kiese het tussen twee anders gelykwaardige verklaringe, ons die voorkeur moet gee aan die eenvoudigste, nl. in dié geval, selfstandige ontwikkeling.

Dr. Kruisinga wys daarop dat daar geen rede is om aan te neem dat Afrikaans so vroeg ontwikkel was as Prof. Hesseling, hoofsaaklik op grond van die manifes van Barbier en Pletsholt, (1739) aanneem nie. Barbier was 'n Fransman, wat allig daarom krom-Nederlands geskryf het, en dan sou die manifes niks bewys vir die bestaan van Afrikaans destyds nie. Dat die manifes opgestel was met behulp van „burger Pletsholt" is ook nog nie oortuiend nie. Was Pletsholt wel 'n Nederlander (of 'n Duitser wat ook nog geen Hollands geken het nie?)

'n Kreoolse taal, gaan Dr. Kruisinga voort om te betoog, kan alleen dan 'n vaste vorm aanneem, as die beskaafde grondtaal verdwyn het. Tot so lank hou die kreoolse taal aan om sig te vorm na die beskaafde taal. En dit beteken die geleidelike verdwyning van die kreoolse taal, soos in Frankryk, waar die Kelties-Latynse mengeltaal verdwyn het, feitlik sonder dat Kelties enige invloed van betekenis op die ontwikkeling van Latyn tot Frans gehad het. As „taalvermenging" 'n duidelike betekenis sal hê, dan moet dit die naam wees van die proses wat plaasvind as 'n volk 'n vreemde taal aanleer. Daarby word die aangeleerde taal natuurlik gewysig deur die moedertaal van die sprekers, wat ander klanke, maar veral 'n ander

gedagte- en dus 'n ander sinsbou het. Sulke mengeltale, soos „Pigeon-English", neem die woordeskat taamlik volledig oor en verloor die buigingsuitgange, maar die klanksisteem en die sinsbou word aan die moedertaal aangepas. Oorneem van die klanke en die sinsbou van die vreemde taal beteken die geleidelike verdwyning van die mengeltaal.

Dr. Kruisinga wil onderskeid gemaak hê tussen *taaladaptasie* en *taalvermenging*. Wanneer b.v. Hottentotte Nederlands leer en aan hulle taalbegrippe aanpas, het ons taaladaptasie; wanneer Afrikaners massas Engelse woorde en uitdrukkinge in hulle taal oorneem, het ons taalvermenging. (Dr. Kruisinga gebruik ander voorbeelde.) Dit is dan ook beter om in die laaste geval nie van vermenging te praat nie, maar van ontlening. Ontlening kom in alle tale voor, maar is vir die *wese* van die taal van weinig betekenis. Die Neger-Hollands van die Deense Antille is 'n voorbeeld van adaptasie, Afrikaans van ontlening, en dus kan Neger-Hollands ook nie dien om te bewys dat 'n vreemde taal oorweënde invloed op die ontwikkeling van Afrikaans gehad het nie.

Maar, gaan die betoog voort, as iemand tog meen dat invloed van vreemde tale moet aangeneem word om die ontwikkeling van Afrikaans te verklaar, dan moet in elk geval nie gedink word aan Maleis-Portugees nie, maar aan *die geadapteerde Hollands van die inboorlinge en vreemde Europeane*. Die invloed van hierdie taal is ook daarom aanneemliker, omdat die geadapteerde Hollands in die hawestede sowel as in die binneland gepraat is, deur byna alle nie-Hollanders, en van die begin van die vestiging af tot vandag toe, terwyl die gebruik van Maleis-Portugees in plaas en tyd beperk was. Hier word verwys na die teorie van Dr. Meyer-Benfey.

Dr. Kruisinga merk op dat o.a. Dr. du Toit die onderskeid oor die hoof sien tussen die invloed van Hottentots en dié van Hottentots-Afrikaans. Invloed van geadapteerde Hollands (hier noem Dr. Kruisinga dit „geadapteerde Afrikaans") word waarskynlik wanneer geen ooreenkomstige ontwikkeling in

ander, veral Germaanse, tale kan aangetoon word nie. En sulke gevalle is te vind. In die boek van Dr. du Toit vind Dr. Kruisinga voorbeelde van konstruksies wat sonder twyfel die gevolg is van vreemde invloed, maar die voorbeelde stam uit Hottentots-Afrikaans, nie uit suiwer Afrikaans nie. „Op zijn hoogst kan men dus zeggen dat het adaptatie-Afrikaans van de kleurlingen *misschien enige* invloed oefent op de taal van sommige Afrikaners.*) Maar tevens is gebleken dat „het" Afrikaans de zuivere ontwikkeling is van een Nederlands dialekt".

In sy repliek op hierdie artiekel *(Taal en Letteren,* XVI, p. 477 vlg.) het Prof. Hesseling aangetoon dat, al word die ontstaan van Afrikaans 'n honderd jaar later gestel, die ontwikkeling nog so snel is dat, sonder invloed van vreemde tale aan te neem, geen bevredigende verklaring daarvan kan gegee word nie. En wat die Negerhollands van die Deense Antille betref, daarvan bestaan twee vorme: een vorm is Nederlands in die mond van vreemde, maar 'n twede vorm is Nederlands in die mond van Nederlanders, Nederlands onder die invloed geraak van 'n vreemde taal, nl. die Kreools van die Negers. Die vergelyking tussen Afrikaans en hierdie twede vorm van Negerhollands is dus volkome geregverdig, selfs as mens Dr. Kruisinga se teoretiese onderskeiding tussen adaptasie en ontlening aanvaar. Op den duur het die ontlening egter sterker geword, die Europeane het hulle taal gaan adapteer aan die geadapteerde taal van die negers, en so het ontlening gelei tot wat mens kan noem adaptasie van die twede graad. In elk geval het hierdie twee prosesse in mekaar gevloei. Ontlening *hoef* natuurlik nie te lei tot adaptasie nie, maar 'n streng skeiding tussen die twee, waardeur mens hulle as essensieel verskillend gaan beskou (soos Dr. Kruisinga wil doen) is alleen teoreties moontlik; prakties het dit nie veel nut nie. Schuchardt het gelyk dat hy soortgelyke gevalle met één naam („Mischsprache") noem.

---

*) Kursivering van Dr. Kruisinga.

Op besonderhede in hierdie twee artiekels kom ek later terug. Wat die hoofsake betref net twee opmerkings: Ongetwyfeld het Prof. Hesseling gelyk dat die ontwikkeling van Afrikaans, selfs wanneer dit oor anderhalwe eeu loop, nog veel te snel was om aan spontane ontwikkeling alleen te dink. Op hierdie punt heers dan ook taamlike ooreenstemming. Maar die onderskeid wat Dr. Kruisinga wil gemaak hê tussen adaptasie en ontlening lyk my 'n heel belangrike verbetering, selfs op Schuchardt. Dat adaptasie en ontlening op 'n sekere punt in mekaar *kan* vloei, maak die onderskeiding nog nie oorbodig nie. Laat die onderskeid tussen woordontlening en taaloorname een van graad wees — maar dan van meer grade as een! Om hierdie verskil oor die hoof te sien is net so gevaarlik as om die tydsduur te verwaarloos waarin 'n bepaalde ontwikkelingproses sig afspeel. En solank Prof. Hesseling vashou aan 'n definiesie van „mengeltaal" wat geen onderskeid maak tussen adaptasie en ontlening nie, weet mens nie watter waarde om te heg aan sy uitspraak dat „het Afrikaansch met volle recht een mengeltaal kan heeten" *(Het Afr.* p. 15). Op hierdie plek is Prof. Hesseling bereid om onderskeid te maak tussen „taalvermenging" en „mengeltaal", en taalvermenging moet dan klaarblyklik die ligste graad van vermenging voorstel. As Afrikaans dan met volle reg 'n mengeltaal kan heet, wat is dan die Negerhollands *van die negers* vir 'n soort taal? Laat die verskil tussen taaladaptasie en ontlening onessensieel wees, dit is belangrik genoeg om ons in die praktyk daarvan te bedien, omdat dit verwarring van uitdrukking en gedagte kan voorkom.

Volledigheidshalwe moet onder die hoof: spontane ontwikkeling nog twee Afrikaanse teenstanders van alle teorieë van vreemde invloed op die ontwikkeling van Afrikaans vermeld word, nl. Ds. W. Postma en C. J. van Ryn.

Ds. Postma het in *Die Brandwag* van 15 Februarie 1912, 'n teorie geformuleer wat hy in die volgende vyf stellinge opgesom het: (1) „Afrikaans is die taal van die Afrikaanse kind,

gebore uit Hollandse ouers en omgewe van verskillende soorte mense, wat 'n ander taal gepraat het as hy". (2) „Die materiaal wat die Afrikaanse kind gebruik het vir taalvorming, is Hollands van die 17de eeu soals dit geleef het in die volksmond." (3) „Hollands het in die mond van die Afrikaanse kind Afrikaans geworde, omdat hy sy taal moes aanpas aan die omstandighede, waarin hy gebore was en groot geworde het". (4) „Die geboorte van die Afrikaanse taal moes saamgeval het met die geboorte van die Afrikaanse nasie". (5) „Die verdere groei van die taal is beheers geworde deur die gewone wette van taalgroei in meerdere of mindere mate".

„Ds. Postma soek die verklaring dus nie in 'n adaptasie van die taal deur vreemdelinge en 'n terugwerking daarvan op die taal van die Afrikaanse volk nie, maar in 'n aanpassing deur die volk self van hulle taal aan hulle omgewing, en skrywe daarby die grootste taalvormende aktiwiteit toe aan die kind", sê Dr. Boshoff *(Volk en Taal van Suid-Afrika,* p. 76, waaruit ek die bowestaande aanhaal). Uit 'n aanhaling wat Dr. Boshoff hier gee, blyk dat die Duitse reisiger, Lichtenstein, gedeeltelik dieselfde mening toegedaan was.

Die opienie van C. J. van Ryn staan op die agterste omslag van sy boek: *„Het Nauwe Verband tussen het Afrikaans en het Hollands"* ens. (1914) aldus: „Wat is het Afrikaans? Is het een Mengeltaal? een Bastaardtaal? O, neen! Niets daarvan! Is het Hollands? In hart en nieren! Heeft het Maleis-Portugees er iets mee te doen? Glad niks!"

Die twee opvattinge mag nie oor een kam geskeer word nie, maar al twee ly daaraan, dat geen aandag gegee word aan die snelheid van die ontwikkeling van Afrikaans nie.

h. INVLOED VAN VREEMDELINGE-NEDERLANDS.

In my proefskrif, *Afrikaans en Maleis-Portugees* (Groningen 1916) het ek die mening uitgespreek dat Afrikaans geen mengeltaal kan genoem word nie, maar tog ook nie kan beskou

word as 'n spontane ontwikkeling uit Hollands nie; dat die groot beswaar teen alle teorieë wat die invloed van een of ander vreemde idioom aanneem om die ontwikkeling van Afrikaans te verklaar, is dat daarby uit die oog verloor word *dat Nederlands die taal was wat in Suid-Afrika die invloed uitgeoefen het,* dat vreemdelinge Nederlands gaan praat het, en nie andersom nie. 'n Teorie wat aanneem dat Afrikaans ontstaan het deurdat die Nederlanders b.v. Maleis-Portugees of Hottentots gaan praat het, druis teen die geskiedenis in. Hottentotte, Franse, Duitsers, slawe, algar het hulle taal opgegee en Nederlands aangeneem. Ook is Afrikaans nie Nederlands in die mond van 'n vreemde volk nie, want die Nederlanders was gedurende die hele geskiedenis van die ontwikkeling van Afrikaans tot 1800 toe baas in Suid-Afrika, en die landstaal was ononderbroke Nederlands. Die verandering wat Nederlands in Suid-Afrika deurgemaak het is egter van dié aard dat ons dit onmoontlik kan verklaar deur alleen spontane ontwikkeling aan te neem, selfs wanneer in aanmerking geneem word dat die landsomstandighede meegebring het dat spontane ontwikkeling in Suid-Afrika 'n baie groter rol moes gespeel het as moontlik was in Europa. Ek het my opvatting geformuleer in die woorde: *„In sover nou as Afrikaans nie die spontane ontwikkeling van Nederlands is nie, is dit 'n ontwikkeling van Nederlands onder invloed van die geadapteerde Nederlands van vreemdelinge".*

In die laaste hoofstuk lig ek hierdie teorie uitvoeriger toe. Hier wil ek daar net op wys in watter opsigte dit afwyk van vroeër teorieë.

Dr. Meyer-Benfey het 'n soortgelyke idee gehad. Alleen het hy hom op 'n dwaalspoor laat bring deur aan te neem dat Afrikaans al direk in die eerste jare van die stigting sy teenswoordige karakter gehad het, wat hom verder op die idee gebring het dat Afrikaans die taal van die Nederlandse seelui was nog voor die stigting van die kolonie. Ook lyk dit of hy in die eerste geval Afrikaans beskou het as Nederlands in die mond van vreemdelinge, en nie as Nederlands gewysig onder

invloed van die krom-Nederlands van vreemdelinge nie. En eindelik het hy onder vreemdelinge blykbaar veral Hottentotte en in minder mate ook slawe verstaan.

Dr. Kruisinga het die waarde van 'n vreemdelinge-Nederlands-teorie duidelik ingesien, en wou behalwe Hottentotte en slawe ook alle nie-Nederlanders onder vreemdelinge inbegryp. Hy wou egter die invloed van die vreemdelinge-Nederlands beperk tot die taal van *sommige* Afrikaners, en sien in suiwer Afrikaans die ontwikkeling van 'n Nederlandse dialek. Hier verskil ons prinsipiëel, want die tempo van die ontwikkeling van Afrikaans maak dit vir my onmoontlik om genoeg te hê aan 'n verklaring wat alleen op spontane ontwikkeling berus. *)

Wat die laaste punt betref is ek dit volkome eens met Prof. Hesseling. Alleen sien ek, in teenstelling met Prof. Hesseling, in Maleis-Portugees 'n faktor van geringe betekenis op die ontwikkeling van Afrikaans, veel geringer as die invloed van die krom-Nederlands van die slawe. En die krom-Nederlands van die slawe was vir my maar één van die vorme van krom-Nederlands wat op die ontwikkeling van Hollands in Suid-Afrika ingewerk het. Daarom is Afrikaans m. i. geen mengeltaal nie, allermins 'n mengeltaal wat ontstaan het deurdat Nederlanders die Maleis-Portugees van die slawe gaan praat het. Hieroor handel die volgende hoofstuk.

---

*) In 'n resensie van *Oor die Ontstaan van Afrikaans*, eerste druk, skryf Dr. Kruisinga in *English Studies*, April 1924: „The result (come to by Dr. Bosman) seems likely to be generally accepted. As for myself, I am willing to take leave of my own theory: I am satisfied if my article has done its work of clearing the ground by showing the unsatisfactory character of the linguistic arguments adduced by Dr. Hesseling".

HOOFSTUK III.

Die Maleis-Portugees-Teorie en die Geskiedenis.

In *Afrikaans en Maleis-Portugees* het ek Prof. Hesseling se opvatting bestry deur voet vir voet al sy opmerkinge te toets. Ek stel my voor om hier alleen min of meer belangrike punte te behandel, en dit onder die twee hoofde: (a) handelstaal en (b) slawetaal.

a. *DIE HANDELSTAAL.*

Onder die seevaarders in die Indiese Argipel het daar in die 16de eeu 'n taal ontstaan waarvan Portugees die belangrikste element was, maar wat plaaslik ook baie Maleise, en in die 17de eeu in Indië ook heelwat Hollandse woorde bevat het, 'n soort van internasionale verkeerstaal. Van hierdie taal, of tale, wat hy Indo-Portugees genoem het, het Schuchardt, die bekende outoriteit op die gebied van Kreools-Romaanse tale, baie studie gemaak. Een vorm van hierdie soort Kreools, waarvan oorblyfsels uit Batavia en Tugu hom bekend was, het hy die naam gegee van Maleis-Portugees („Malaioportugiesisch"). Ook aan die Kaap, sê hy, was daar 'n soort Kreools „freilich nur in beschränktem Umfang" in gebruik, wat tot die Indo-Portugese, teenoor die Neger-Portugese, groep van Kreoolse tale behoor het.

Hierdie Kaapse Kreools noem Prof. Hesseling *Maleis-Portugees*, omdat dit s. i. in hoofsaak elemente van Maleis en Portugees moes bevat het. Maleis-Portugees, sê Prof. Hesseling, was egter nie alleen „in beperkte omvang" aan die Kaap in

gebruik nie, maar was in die eerste 50 jaar van die bestaan van die Kolonie *„zeer algemeen verspreid"* *) *(Het Afrikaansch,* p. 37). Dit sou die taal wees wat Kolbe bedoel, as hy praat van „de Portugeesche taal nevens de Maleische .... als welke beide talen niet alleen hier (aan die Kaap), maar in gantsch Oost-Indië, ten minsten gelijk jegenswoordig (begin 18de eeu) de Fransche in Duitschland gesproken worden".

Sover as daar aan die Kaap 'n soort gebroke Portugees as handelstaal gehoor is, kan wel aangeneem word dat dit in hoofsaak 'n mengeling van Portugees en Maleis sal gewees het, aangesien dit die twee hooftale van die Ooste was. Maar Kolbe praat hier duidelik van twee tale, waaruit ek sou wil aflei dat hulle gepraat is deur verskillende groepe. Daar ek egter graag toegee dat vermoedelik geen van beide tale aan die Kaap suiwer gepraat is nie, wil ek my hou aan die benaming Maleis-Portugees, hoewel ek self die voorkeur sou gee aan die naam krom- of gebroke-Portugees.

Ek wil daarop attent maak dat Kolbe se getuienis nie slaan op die eerste jare van die bestaan van die Kolonie nie, daar hy eers in 1705 aan die Kaap gekom het. Soos later sal blyk is dit 'n punt van belang. Wat die algemene verspreidheid betref, moet gelet word op die beperking van Kolbe: „gelijk jegenswoordig de Fransche (taal) in Duitschland gesproken (wordt)".

Dit is miskien hier die plek om te wys op die karakter van die werk van Kolbe. Hy was aan die Kaap in 'n baie belangrike tyd, dié van W. A. van der Stel. Ook vir die Afrikaanse taalgeskiedenis is dit 'n periode van die grootste belang. Die kinders van die eerste koloniste, wat dus hulle Nederlands in Suid-Afrika geleer het, is nou besig om dié taal aan *hulle* kinders oor te lewer. In hierdie tydperk dus, val die begin van die Afrikaanse taaltradiesie. Kolbe was 'n man van ontwikkeling en in die beste geleentheid om alles waar te neem. Tog is sy *Caput Bonae Spei Hodiernum* geensins betroubaar.

*) Kursivering van Prof. Hesseling.

Alle later beskrywers van Kaapse toestande gaan Kolbe te lyf oor sy onjuisthede. De la Caille noem sy beskrywing „un Roman tissu de fables". In plaas van Hottentots te leer en binnelandse reise te maak, het hy sy dae deurgebring met rook en drink in die Kaapse herberge, waar sy drinkebroers hom die materiaal vir sy boek verskaf het (*Journal Historique*, p. 315). Die bladwyser op die *Reize* van Sparrman bevat selfs 'n hoof: „Berispingen van Kolbe"! Le Vaillant praat oor die „droomerijen van Kolbe", noem hom 'n „stilzittende reiziger", en sê dat al sy gegewens berus op die praatjies van kroegvriende.

Dit is altoos moeilik om te weet watter waarde mens moet heg selfs aan sulke eenstemmigheid by die ou reisigers, omdat hulle so dikwels eenvoudig mekaar nagepraat het. Daarom haal ek die opienie van Theal daar ook by aan. Theal noem Kolbe „too indolent or too conceited for patient research, too credulous in believing idle tales, too unscrupulous to abstain from writing fancies and terming them facts ... To those who can compare his writings with the official records of the time, they are unquestionably of very great value, but others should be careful not to rely too much upon them" (II, p. 369). Met hierdie aanhalinge voor oë, gaan ek uit van die standpunt dat uit Kolbe *alleen* nooit iets afdoende bewys kan word nie. Ek meen dan ook dat Prof. Hesseling te veel vertroue gestel het in sy woorde.

Omdat Kolbe per slot van rekening alleen vir die Duitse teks verantwoordelik kan gehou word, en dié Duitse uitgawe vry seldsaam is, haal ek hier sy drie paragrawe oor die taal volledig aan uit die oorspronklike uitgawe, met kursivering van die belangrikste gedeeltes:

„Auf diese Condition also wisse Er, mein Herr, dass hier allerley Mund-Arten und Nationen anzutreffen seyn, wenn auch gleich der Hottentotten nicht einmal gedacht wird. Denn mann findet Holländer oder generaliter Niederländer, Hochteutsche, und aus denselben Preussen, Pommern, Brandenburger, Sachsen, Franken, Schwaben, Westphälinger und Schweitzer; ferner Schweden, Dänen, Pohlen, Portugiesen,

Frantzosen, Savoyer, Italiäner, Engelländer, Hungarn und andere; welche, wenn man sie zugleich und einen jeden absonderlich in seiner Sprache reden hörte, auch etwan noch die Sclaven, *die vielerley Sprachen reden*, als die Malayen, Malabaren, Ceylonesen, Javanen, Banjanen, Amboinesen, Bandanesen, Boekier, Chinesen, Madagascaren, Angoler, Guinäer, Capo-verder etc. darzu zehlte, dürffte es gewiss nicht anders lauten, als ob man die Verwirrung der Sprachen bey dem Babylonischen Thurme aufs neue vorstellig machen wolte.

Doch kann jeder Europäer mit seiner eigenen Sprache genugsam zurecht kommen; und wenn es ja fehlen solte, so wird man leicht die eine oder die andere, sonderlich aber die Holländische, oder, welches fast noch besser, die Portugiesische, nebst der Maleyschen erlernen können: als welche beyde Sprachen nicht nur hier, sondern fast in gantz Ost-Indien gemeiniglich, wenigstens wie etwa gegenwärtig in Teutschland die Frantzösische geredet werden. Die Portugiesische zwar haben die Portugiesen, als erste Erfinder von Ost-Indien, so weit unter ihnen fortgepflantzet, dass viele grosse Städte, als Batavia, Colombo auf Ceylon, und andere mehr gefunden werden, welche sich derselben insgemein bedienen, auch besondere Prediger unterhalten, die denen Europäern, zumal aber denen *Sclaven, die solche meistentheils reden*, das göttliche Wort darinnen vortragen müssen: die Maleyische hingegen, welche zierlich und nett ist, gehet daselbst in solchen Flor als bei uns die Lateinische; gleichwohl kann man mit und durch dieselbe fast gantz Indien durchreisen, wie denn auf Befehl der Illustren Ost-Indischen Compagnie, zu Batavia ein ordentlicher Prediger anzutreffen, der auch in dieser Sprache den Gottesdienst verrichtet, Kinder tauffet, copuliret, und sonst alles tuht was bey dem Predig-Ampt zu geschehen pfleget.

Hierum nun darf sich ein Fremder, wegen der Sprachen Vielheit den Kopff nicht zerbrechen, sondern er kann gar leicht zu recht kommen, vornemlich so er sich auf die eine oder die andere absonderlich legen, und dieselbe aus dem Fundament erlernen will. Mir hat anfangs die Holländische

beliebet, theils weil sonsten die Predigten nicht wohl verstehen konte; theils auch weil mir die Angenehmheit derselben, nebst der Wörter Vielheit und deutlichen Pronunciation sehr wohl gefiel. Nachgehends habe zwar in dem Portugiesischen einige Wörter begriffen, krafft deren das Benöthigte fordern könte, und mich keines Betrugs von denen Sclaven zu besorgen hätte; alleine ich hielte vor weit nöthiger, mich in der Hottentottischen ein wenig umzusehen, obgleich sehr wohl wuste, dass dieselbe nicht vollkommen, und wegen grosser Veränderung der Schläge, welche mit der Zunge gegen dem Gaumen, und die vordere Zähnen des Mundes müssen gemacht werden, aus dem Fundament nicht würde erlernen können" (t. a. p., p. 60—61).

Ek meen dat ons uit die woorde van Kolbe mag konkludeer dat dit op taalgebied destyds aan die Kaap, soos hy self sê, 'n Babelse verwarring was, maar onder die veelheid van tale het Hollands, Portugees en Maleis, waarskynlik al drie min of meer geradbraak, die hooftoon gevoer. Sowel wat volke as wat tale betref, gee hy egter 'n baie oordrewe voorstelling.

Intussen, soos reeds opgemerk is, geld Kolbe se voorstelling, betroubaar of onbetroubaar, nie vir die eerste jare van die stigting nie. 'n Bewys dat die verkeerstaal aan die Kaap in die begin Maleis-Portugees was, of selfs sterk onder invloed van Maleis-Portugees gestaan het, gee Prof. Hesseling nêrens nie. Alleen voer hy aan dat die matrose en soldate wat uit Indië teruggekom het, natuurlik Maleis-Portugees gepraat het, dat baie van die oudgaste hulle aan die Kaap gevestig het, en sodoende dié taal se invloed in die Kaapse handelswêreld versterk het.

Van party matrose en veral van die soldate, wat meestal 'n jaar of vyf, tien, in Indië gedien het, kan ons aanneem dat hulle Maleis-Portugees geken het. Maar „natuurlik" is dit, ten minste van die matrose, nie. Die Kaapse koloniste het vir die

grootste deel uit Europa gekom, en die wat uit Indië gekom het, was seker nie genoeg om taalinvloed van betekenis uit te oefen nie. Maar dit kom my voor dat hierdie hele konklusie van Prof. Hesseling op 'n verkeerde voorstelling van sake berus.

Gestel dat dit waar is, dat al die matrose en soldate wat uit Indië gekom het, Maleis-Portugees kon praat, dan wil dit nog nie sê dat hulle dié taal as hulle gewone omgangstaal beskou het nie. Inteendeel, hulle sal dié taal tog seker alleen maar gebruik het wanneer hulle met vreemde in aanraking gekom het. Gesteld dat alle matrose wat vandag op Suid-Afrika vaar, Engels ken, dan sal allig 'n Hollandse en 'n Noorse matroos in 'n soort Engels van gedagte wissel, maar dit sal tog nooit in die hoof van 'n Hollandse matroos opkom om met 'n ander Hollandse matroos in hulle gewone omgang Engels te gaan praat nie! En ek kan my moeilik voorstel dat die rol wat gebroke Portugees in die 17de-eeuse seemanslewe gespeel het, veel groter was as dié wat Engels vandag speel.

Maar, sê Prof. Hesseling, die bemanning van 'n Hollandse skip in die 17de eeu en dié van die Kaapse garnisoen het bestaan uit mense afkomstig uit alle dele van die wêreld *(Het Afr.* p. 34). Dus was die Hollandse matroos gedurig verplig om van die internasionale verkeerstaal gebruik te maak.

So bont as dikwels gemeen word was die volk van die Oos-Indiese Kompanjie egter nie. Uit die generale landmonsterrol van 1691 blyk, volgens Dr. Colenbrander *(Afkomst der Boeren,* p. 124), dat van die 11,333 dienaars van die Oos-Indiese Kompanjie 'n klein 80 % Hollanders was. Hollanders en Duitsers tesaam vorm 91 % van die totaal van die Kompanjies-dienaars aan die Kaap in dié jaar, en in 1716 88 %. Die Kaapse monsterrolle toon aan dat in 1656 die besetting vir 77 %, in 1716 vir 63 % uit Hollanders bestaan het. Ons kan dus gerus aanneem dat Hollanders en Duitsers tesaam op die skepe en aan die Kaap altyd die oorweldigende meerderheid uitgemaak het. Tot die 18de eeu was die Hollanders so sterk in die meerderheid teenoor die Duitsers, dat dit wel vasstaan dat aan boord en aan die Kaap, Hollands die voertaal was van

die Kompanjiesdienaars. In die eerste plaas is Hollands en Duits te na verwant dat Duitsers eers Maleis-Portugees moes leer om met Hollanders van gedagte te wissel. In die twede plaas was die Duitse matrose op die uitreis al maande lang in aanraking met Hollands, en moes hulle dit al op 'n manier kon praat, voor hulle met Maleis-Portugees in Indië in aanraking gekom het. Onder dergelike omstandighede kan ons veilig van die veronderstelling uitgaan dat Hollands, die taal sowel van die grootste as van die belangrikste groep onder die matrose, die algemene taal onder die skeepsvolk van die Kompanjie was. Alle ander tale tesaam, behalwe Duits, sal maar 'n desimale verteenwoordiging gehad het.

Natuurlik was die toestand anders in Indië. Daar is bewyse genoeg dat Maleis en gebroke Portugees dâár aan wal die algemene taal of tale was. Maar Prof. Hesseling maak 'n groot fout waar hy, teenoor Schuchardt (vgl. p. 42) aanneem, dat aan die Kaap soortgelyke toestande geheers het as in Indië. Wel is die Kaap genoem die „grensvesting van Indië" maar die posiesie van die Hollanders aan die Kaap was totaal verskillend van dié in Indië, waar 'n ou handelstradiesie en baie konkurrente was.

Maar die handelstaal dan met vreemde nasies aan die Kaap? Laat dié uitsluitend Maleis-Portugees gewees het, wat was dan nog die betekenis daarvan op sigself? Volgens Theal *(Chronicles of Cape Commanders*, vgl. register op *Shipping Statistics)* het daar gedurende die eerste 40 jaar van die volksplanting aan die Kaap aangekom 1303 Nederlandse, 83 Engelse, 58 Franse, 25 Deense en 4 Portugese skepe (waarvan een 'n prysskip was). As ons aanneem dat in die handelsverkeer in 'n Hollandse kolonie, met Hollandse skepe, waarvan die bemanning vir 75 % uit Hollanders bestaan het, die eie handelstaal Hollands was, dan bly daar oor 170 skepe van vreemde nasionaliteit, d.w.s. gemiddeld sowat 4 per jaar, waarmee handel in Maleis-Portugees *kon* gedryf gewees het.

Oor die omgang met vreemdelinge aan die Kaap sê Mentzel egter: „Sind die Herbergsgäste von fremder Nation, Fran-

zosen, Enggelländer, Dänen oder Portugiesen (N. B)!, so ist der Umgang mit ihnen sehr traurig, weil man mit ihnen nicht sprechen kann". „Mit diesen Ausländern (meestal Engelse) sowohl als mit denen Dänen und *Portugiesen* (ek kursiveer) also muss man mehrenteils mit Zeichen, mit Weisen und Kopfnicken sprechen" (1, p. 634). Prof. Hesseling verklaar dit deur aan te neem dat Maleis-Portugees onverstaanbaar moes gewees het vir 'n egte Portugees *(Tijdschr. v. Ndl. Taal- en Letterkunde,* XXXV, p. 283). Maar waarom sou dan alleen Hollanders in die Ooste dit nodig gevind het om hierdie mengeltaal te leer? Portugese het daar dieselfde aanleiding toe gehad, en vir hulle was dit allig makliker om te leer!

Selfs wanneer ons buiten beskouing laat dat handel vir vreemde aan die Kaap nie gemaklik gemaak is nie, en dat dit lang nie uitgemaak is dat b.v. met Engelse en Franse deur middel van Maleis-Portugees gehandel is nie, vra ek dus: Is dit waarskynlik dat Maleis-Portugees as handelstaal aan die Kaap ooit „zeer algemeen verspreid" was? Ja, het Maleis-Portugees as handelstaal aan die Kaap ooit reg van bestaan gehad? As Schuchardt sê „die Verhältnisse seien von denen der indischen Seestädte verschieden", dan het hy niks te veel gesê nie.

In sy resensie van my dissertasie *(De Nieuwe Taalgids,* 1916) sê Prof. Hesseling dat hy nog altyd glo dat die geskiedenis sterk getuig van die mag wat gebroke Portugees as slawetaal gehad het, maar oor Maleis-Portugees as handelstaal aan die Kaap praat hy daarin nie meer nie. Uit die afwesigheid van teenspraak op hierdie punt mag ek minstens aflei dat die sterkste getuienis ten gunste van dié taal in die geskiedenis van die slawe aan die Kaap moet gesoek word.

DIE SLAWETAAL.

Ek wil begin met direk te erken dat aan die taal van die slawe aan die Kaap 'n aansienlike invloed moet toegeken word. Die vrae wat in verband met die slawetaal opkom, is die vol-

gende: Watter taal of tale het die slawe gepraat? Van wanneer af het die slawetaal invloed begin uitoefen? Watter invloed oefen die taal van slawe gewoonlik uit op die taal van hulle meesters?

As ek by die beskouing van die handelstaal al besware gehad het teen die term *Maleis-Portugees,* dan geld dié besware hier nog meer. Ons het gesien dat Schuchardt vermoed dat die Kaapse Kreools meer tot Indo-Portugees as tot Neger-Portugees sal behoor het. Met die oog op die herkoms van die slawe mag dit betwyfel word, maar Schuchardt se bewering berus seker op taalkundige oorweginge. Die ontleninge in Afrikaans wat as afkomstig van die slawetaal kan beskou word, kan dan ook byna algar teruggelei word òf tot Maleis òf tot Portugees. Hierdie feit kan verklaar word deur die kulturele verskil tussen die Neger- en die Maleise slawe in aanmerking te neem. Ek gee egter eers enige pertinente feite uit die Afrikaanse geskiedenis, waaruit die leser allig self gevolgtrekkinge sal kan maak, en hou my voorlopig by die term Maleis-Portugees, al is dit dan onder protes.

Op 31 Mei 1657 was daar aan die Kaap 3 slawe en 7 slavinne. Hiervan het 4 van Batavia gekom, 3 van Madagaskar, 2 word een keer Arabiese, dan weer Abissieniese meisies genoem, van een is die nasionaliteit nie aangegee nie *(Kol. Arch.* No. 3969, fol. 388). Ag hiervan behoort aan die Kommandeur, waaronder 3 „Bataviase slavinnen". Onder die bediendes van die Kommandeur was ook nog die Hottentotmeidjie Eva, wat sulke goeie dienste as tolkin bewys het in die onderhandelinge met die omliggende Hottentotte.

Dit is duidelik dat hierdie klompie slawe veel te klein was vir die behoefte van die bevolking — en om mee te tel as taalfaktor. Uit Guinea en Angola kom daar egter in 1658 twee skeepsladinge slawe aan, sodat daar 30 Mei 1658, aan die Kaap was 98 Kompanjieslawe en 89 slawe van partikuliere en vryburgers, teenoor 116 blanke, enige bandiete nie meegetel nie *(Dagverhaal,* 11, p. 407).

In die *Dagverhaal* word verskillende, min of meer onduidelike gegevens omtrent die taal van hierdie grootste deel „deses Caepsen ommeslaghs" verstrek. Prof. Hesseling het aangeneem dat hierdie slawe gebroke Portugees geken het *(Het Afr.* p. 53 en nog *De Nieuwe Taalgids,* 1916, p. 251). *) 'n Dekreet van van Goens van 1657, waarby hy die gebruik van Portugees aan die Kaap verbied, beskou Prof. Hesseling nie as 'n voorsorgsmaatreël nie, maar as 'n bestryding van bestaande toestande (t.a.p.), hoewel die dekreet lui: *„Met de compste* van de slaven sal UE. (nl. van Riebeek) seer sorgvuldig zijn geen portugeese tael *hier in te voeren,* maer 't zelve met alle middelen *voorcomen",* en dan gaan dit voort „vooral met de officieren een goet voorganger zijnde, alsoo hier aen veel geleegen leijdt, ende sal UE. geen tael als ons moedertael tegens de slaven gebruijcken, en niet gedoogen dat se andere spreecken, dat bij verloop van jaeren gerustheijt sal connen geeven" *(Kol. Arch.* 3969, fol. 464—465).

Dit is m. i. 'n afdoende bewys dat Portugees in die jare voor 1658 nog nie aan die Kaap ingevoer was nie en dat die eerste slawe geen aanleiding gegee het om te vrees dat hulle Portugees sou invoer nie, en miskien ook dat die burgers en laer volk van die besetting geen Portugees geken het nie, maar wel die offisiere. Al hierdie gevolgtrekkinge sou beantwoord aan die voorstelling wat mens kry van die taaltoestande aan die Kaap onder van Riebeek uit die offisiële stukke van dié tyd.

Prof. Hesseling lê baie nadruk op die twee gevalle van Hottentottinne wat, volgens offisiële stukke, Portugees geken het. Waar kom hulle daaraan? In sy handelstransaksies met vreemde volke sou van Riebeek vermoedelik geen Hottentotmeide gebruik het nie. Van die Angoolse en Guinese slawe kon hulle geen Portugees geleer het nie. Dat hulle dit so op straat (of aan die strand) sou „opgetel" het, lyk my hoogs onwaarskynlik. Ek meen dat die verklaring van die geval van Eva voor die hand lê. Sy was by van Riebeek in huis tesaam

*) Ook Prof. Boshoff (Volk en Taal, p. 359) en Prof. Smith (Huisgenoot, V. p. 418).

met nog drie Oosterse slavinne, en ek neem aan dat Eva haar Portugees van hierdie slavinne sal geleer het. Blykbaar was sy vlug om 'n vreemde taal aan te leer, iets wat telkens weer deur reisigers van die Hottentotte opgemerk word. Oor Sara het ons nie soveel gegewens nie, maar ons weet dat die sieketrooster, Pieter van der Stael, ook 'n Batawiese slavin gehad het *(Kol. Arch.* 3969, fol. 388) en terselfdertyd baie gewerk het vir die verbetering en bekering van die Hottentotte. Is dit ongerym om te veronderstel dat, soos Eva waarskynlik haar Portugees van van Riebeek se slavinne opgetel het, Sara dit in die huis en van die slavin van die sieketrooster geleer het?

Hierby is dit lang nie onwaarskynlik dat b. v. van Riebeek met sy Oosterse slawe Portugees gepraat het nie. Dit sou dan lyk of die woorde uit die dekreet van van Goens „vooral met de officieren een goet voorganger zijnde" 'n steek onder water kon wees. Dat Portugees onder die laer volk onbekend was, blyk vir my uit die volgende aantekening in die *Dagverhaal.* In 1660 stuur van Riebeek 'n ontdekkingsekspediesie na die binnelande onder aanvoering van adelbors Jan Danckert en onderbarbier Pieter Meerhof met nog elf man. Onder die 13 was daar geen een wat Portugees geken het nie, want van Riebeek sê: „ende mocht wel dat eenige inwoonders aldaer (in die buurt van Mosambiek, in die sprokiesland van „Monomotapa") de Portugeesche spraecke eenigsints costen, dat Ul. doordien Jan Danckert in Italien gereyst heeft ende Dorhagen (hulle landmeter) de latijnse tale can, veele soude te passe comen om terecht te raecken" (111, p. 447). As die landmeter, al was dit maar *Maleis*-Portugees geken het, dan was dit tog natuurliker om daarop te reken as op sy Latynkundigheid! Hierteen werp Prof. Heseling op *(Tijdsch. v. Ndl. Taal- en Letterkunde,* XXXV. afl. 4, p. 284) „dat men in Monomotapa Portugezen dacht te ontmoeten en evenmin als aan de Kaap zou men met die mensen in 't Maleis-Portugees kunnen spreken". Prof. Hesseling mag hier geen nadruk lê op Maleis nie. Soos hy self in sy resensie erken het, is dit beter om te

praat van gebroke Portugees. Die vorm van Portugees wat ons by die Latynkundige landmeter sou veronderstel, sal ook allig anders gewees het as die staaltjie van plat slawe-Portugees wat Prof. Hesseling ter vergelyking aanhaal. Maar buitendien, waarom veronderstel Prof. Hesseling die bestaan van gebroke Portugees in 'n Hollandse kolonie, maar nie in 'n Portugese kolonie nie? Dat hierdie geval van die ekspediesie alleen gevolgtrekkinge toelaat oor die soldate en nie oor die slawe nie, gee ek toe. Vir die slawetaal van van Riebeek se tyd het ons so 'n bewys nie meer nodig nie.

Of meen iemand nog dat die genoemde Angoolse en Guinese slawe reeds Portugees geken het, voor hulle aankoms aan die Kaap, en die middel was om dit te versprei ondanks die verordening van van Goens? Die veronderstelling is baie onwaarskynlik, aangesien ons weet dat sulke slawe meestal in die binnelande gevang en dan aan die kus verkoop is (vgl. Theal, *Hist. of S. A.* 1, p. 182). Tog skyn Prof. Hesseling nog hieraan te glo *(De Nieuwe Taalgids,* 1916, p. 251). Ook hierdie veronderstelling kan ek afdoende weerlê. Toe van Riebeek in 1662 die Kaap verlaat, skryf hy 'n „Memorie ter Informatie" aan sy opvolger, Wagenaar. Hierdie memorie, wat aan Prof. Hesseling bekend was (soos blyk uit *Tijdschrift voor Nederlandsche Taal- en Letterkunde,* XXXV, afl. 4, p. 272), maar wat hy onnoukeurig moes bestudeer het, bevat die volgende woorde: „De slaven leeren hier niet als duyts & oock de Hottentoos, *sulcx hier geen ander tael gesproocken wordt,* ende soo in ordre blijvend een fraije saecke sal syn, om *Portugesen* & andere altijt stom te doen staen voor dese natie & deselve daer door te min te cunnen verleijden etc." *(Kol Arch.* 3974).

Het ons hier te doen met alleen maar „amptelike" waarheid? Dit met die oog op Eva en Sara se Portugees. Maar van Riebeek se rapport is opgestel nie vir Here Direkteure nie, maar vir sy opvolger, wat direk agter die waarheid moes gekom het, en wat vir die wantoestand kon verantwoordelik gehou word deur die Kommissaris van die eersvolgende retoervloot. En

hoe sou anders die gebrek aan kennis van Portugees by die lede van Danckert se ekspediesie moet verklaar word, as die toestande van dié aard was dat Hottentotmeide dié taal maar so kon optel? (Vgl. *Tijdschr. v. Ndl. Taal- en Letterkunde*, XLI, 4).

Hiermee, meen ek, is bewys dat altans in die eerste 10 jaar van die volksplanting nòg gebroke Portugees nòg Maleis taalfaktore van enige betekenis aan die Kaap was. *)

Die geldigheid van die argumente ten gunste van die Maleis-Portugees-teorie word aldus tot 'n kleiner gebied en 'n korter tydsbestek beperk. Hulle kan alleen van toepassing wees op die slawetaal van na 1662 en op die handelstaal van na 1700, en veronderstel 'n verandering in die Kaapse toestande na die genoemde datums met betrekking tot hierdie twee sake.

Ongelukkig is die *Dagverhaal* van van Riebeek die enigste gedrukte, offisiële bron van dié aard wat ons besit. Daar bestaan geen ander Hollandse teksuitgawe van die Kaapse dagregisters nie, en die Engelse *Chronicles* van Theal en *Precis* van Leibbrandt is in die eerste plek vertalinge en in die twede verkortinge, wat van sulke „kleinighede" as die taal weinig notiesie neem. Van die taalstudent kan nie verwag word dat hy die honderde dik folios van die argiewe gaan deursnuffel om op 'n duisend bladsye ouderwetse manuskrip miskien, as hy gelukkig is, een bladsy taalkundig-interessante aantekeninge te kan maak nie. Totdat ons oor die volledige bronne beskik, sal ons ons moet behelp met vertalinge en uittreksels, en hoop om ook so 'n betroubare beeld te kry, al is dit nie skerp nie.

Oor die verder geskiedenis van die slawe aan die Kaap kan veral uit die *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope*, uitgegee deur Leibbrandt, te hooi en te gras gegewens opgediep word tot 1708. In hoever die gegewens volledig is, kan ek nie beoordeel nie. Dehérain het hom o. a. vir hierdie kwessie geïnteresseer en uit die *Precis* syfers bymekaargebring (*Le Cap de Bonne Espérance au XVIIe Siècle*, Parys 1909). Hy gee die volgende oorsigtelike staatjie (ek ekserpeer):

---

*) Die laaste bladsye berus op 'n artiekel wat in *De Nieuwe Taalgids*, XVI, afl. 3 en *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 1, afl. 1, verskyn het.

In 1658	was daar aan die Kaap	57	koloniste met	89 slawe.
„ 1687	„	573	„	310 „
„ 1700	„	1308	„	738 „
„ 1708	„	1723	„	1298 „

(Die syfers sluit vrouens en kinders in).

Behalwe burgerslawe was daar ook nog Kompanjieslawe, maar hiervan is dit moeiliker om syfers te gee. Dehérain gee aan dat die slawe in besit van die Kompanjie in 1685 sowat 500 bedra het (t.a.p., p. 210, noot); Valentyn *(Oud- en Nieuw-Oost-Indien,* Bk. X. p. 145) gee aan 440 vir 1710; Kolbe sê in sy tyd was daar ruim 600 Kompanjieslawe *(Caput Bonae Spei Hodiernum,* p. 672). Dit is wat ons sou verwag: die Kompanjie het eers in sy eie behoeftes voorsien en daarna die burgers gehelp, maar die werksaamhede van die Kompanjie het natuurlik nie in dieselfde mate uitgebrei as dié van die burgers nie.

Om die totale verhouding van die blanke tot die slawe te kry, moet by die burgers getel word die besetting aan die Kaap en die Europese knegte in diens by die burgers, en moet die twee groepe van slawe bymekaargereken word. Die getal van die Kaapse besetting was egter taamlik wisselend, so dat dit moeilik is om 'n gemiddelde te kry. Dit het nl. afgehang van die politieke toestande, of daar gevaar gedreig het vir vyandelike oorrompeling, van die aantal sieke wat deur die vaderlandse vloot agtergelaat is om te herstel, en van ander toevallige dinge, soos die strand van 'n skip in die Tafelbaai. In 1697 was dit 686 man (Leibbrandt, *Letters Despatched,* p. 71), terwyl dit twee jaar later 496 man bedra het. In die loop van die volgende 30 jaar skommel dit hoër tot 1000 man, volgens die syfers van die jaarlikse monstering teen 30 Junie (Leibbrandt, *Journal,* 1699—1732). Maar aangesien die Kompanjieslawe afgesonder gehou is, en ook die soldate tot op sekere hoogte, kan ons miskien hierdie twee groepe teen mekaar afskrywe, en dan vorm die syfers van Dehérain 'n goeie vergelykingsbasis, as ons by die koloniste hulle Europese bediendes tel, wat omstreeks 1700 gemiddeld 75 bedra het. Oor die algemeen kan

sodoende vir die eerste vyftig jaar die verhouding tussen koloniste en hulle slawe op 2 : 1 gestel word. (Vgl. nog *Afrikaans en Maleis-Portugees,* p. 23 vlg.).

Ook oor die herkoms van die slawe besit ons uitvoerige gegewens. Theal (1, p. 182) sê onder datum 1671: „At the Cape there were a few Mohamedan slaves, natives of the Indian islands, who had been banished to this country as a punishment for crime. The first of this particular class arrived on the 21st of May 1667, but at an earlier date one or two Asiatic convicts who were not Mohamedans were sent from India. Some of these were sentenced to slavery for a limited number of years, after which they became free, others were condemned for life. *The great majority of the slaves were negros from Madagascar or the mainland of Africa,* mostly males, who had been made prisoners in war and had been sold by the chiefs of victorious tribes. Of the children born here of slave mothers only about one-fourth were black, the remainder being halfbreeds." In die karakter van hierdie Oosterse bandiete moet die verklaring gevind word van die groot aantal Asiatiese slawe wat in die Kaapse prosesstukke so 'n sinistere rol speel (vgl. *Afrikaans en Maleis-Portugees,* p. 26). Dehérain het ook oor die herkoms van die slawe syfers versamel uit Leibbrandt se *Precis.* In die volgende staatjie is sy syfers gemerk met 'n D. Ek vul sy syfers aan met wat ek self uit die *Precis* aangeteken het, (P) en uit Moodie's *Records* (M).

Na die Angoolse en Guinese slawe kom dan nog uit Madagaskar 7 slawe in 1663 (D), 22 in 1672 (D), 240 in 1673 (M), 254 in 1676 (D), 77 in 1677 (D), 121 in 1691 (D), 119 in 1697 (P), 184 in 1700 (D), 127 in 1701 (D), 147 en 48 in 1702 (P), 202 in 1705 (D), 165 in 1706 (P), 69 in 1707 (P), 200 in 1715 (D), tesaam dus uit Madagaskar tot 1715, die laaste jaar waarvoor ek gegewens kan vind, 1982 slawe.*) Verder gee Moodie aan in 1677 190 slawe „from the Eastern

*) Vreemde, veral Engelse, slawehandelaars het meermale aan die Kaap slawe verkoop, meestal Madagaskarse (Theal, 1, p. 268 en Moodie, datum 21 Okt. 1676). Hiervan het ek geen syfers kon kry nie.

Islands". 'n Gedeelte van die laaste groep word na Mauritius gestuur. Theal sê dat hierdie slawe van Ceylon gekom het (1, p. 235).

Ons sien dus dat voor 1677, toe daar al minstens 710 Afrikaanse en Madagaskarse slawe aangevoer was, alleen enkele slawe en bandiete uit die Ooste aan die Kaap gebring was. In dié jaar kom dan 190 slawe, vermoedelik van Ceylon, en vir die volgende byna 40 jaar hoor ons niks van die aanvoer van Oosterse slawe in groot getalle nie. Wel kom daar telkens met die retoerskepe bandiete of ballinge uit Batavia aan, maar behalwe in die geval van 'n politieke balling, soos Sjeik Josef met 49 volgelinge in 1694, in klein getalle. Hierdie politieke gevangene is, in die begin altans, afgesonder gehou en baie van hulle het uiteindelik weer teruggegaan na Indië.

Uit dit alles kan, dunk my, besluit word *dat Maleis-Portugees as slawetaal tot 1677 aan die Kaap geen rol gespeel het nie.* Van dié jaar af tot 1715 was daar onder die slawe 'n 10 % suurdeeg van Oosterse en dus allig gebroke-Portugeessprekende slawe. Ek merk op, dat waar ons te doen het met slawe uit Ceylon, daar geen besondere aanleiding bestaan om in hierdie periode van *Maleis*-Portugees te praat nie.

Ongelukkig is ek, weens gebrek aan statistieke, nie in staat om vir die verdere 18de eeu syfers te gee nie. Alleen val nog op te merk dat in die lyste van Kompanjieslawe waarvan die dood vermeld word in die Kaapse dagregister van omstreeks 1730, daar byna uitsluitend sprake is van slawe afkomstig van Mosambiek (sie Leibbrandt, *Journal* 1699–1732, onder datums 30 April, 31 Mei, 30 Junie, 31 Augustus ens. 1731). Masbieker slawe is dan ook vandag nog by naam goed bekend in Suid-Afrika. Dan vermeld Theal nog dat teen die middel van die 18de eeu skeepsoffisiere so 'n groot en voordelige handel gedryf het met die invoer van Asiatiese slawe na die Kaap, dat in 1767 die Raad van Indië die invoer verbied het (II, p. 77). Dit dui aan dat die meeste Oosterse slawe, waarvan ons die invloed ook veral omstreeks dié tyd begin merk, teen die helfte van die 18de eeu ingevoer is. Die meer-

dere skranderheid van die Maleier teenoor die Neger het aanleiding gegee dat die Oosterse slawe veral as koks en huisbediendes gesoek is — vandaar ook die veel hoër pryse vir hulle betaal — teenoor die veel goedkoper Malgasse en Masbiekers, wat seker veral op die land moes werk.

Na die voorgaande uiteensetting, wat uitsluitend op offisiële beskeide berus, hoef ek die betoog van Prof. Hesseling nie op die voet te volg nie. Sy voorstelling, in so ver as dit van dié van my afwyk, verskil in hoofdsaak daarom dat dit op onvoldoende gegewens berus, te veel op Kolbe afgaan en m. i. nie altyd Kolbe se mening suiwer weergee nie (vgl. *Afrikaans en Maleis-Portugees*, p. 30). Sodoende het Prof. Hesseling daartoe gekom om toestande wat hoogstens vir die 18de eeu geld ook in die 17de te projekteer. Na aanleiding van die staaltjies van gebroke Portugees (geen een bevat 'n enkele Maleise woord nie) wat Prof. Hesseling uit die prosesstukke aanhaal, val op te merk dat geen een voor 1677 gedateer is nie; en maar een voor 1700, nl. 1693. *) Die datums van die ander is 1705—1713 (die tyd wat Kolbe aan die Kaap was), 1706, 1722 en 1747.

Laat ons aanneem dat omstreeks 1700 'n gebroke-Portugese slawetaal aan die Kaap aan 't opkom of pas gevorm was, dat dié taal onder die slawe langsamerhand 'n groter uitbreiding gekry het en onder invloed van Oos-Indiese slawe meer Maleise elemente opgeneem het, sodat daar omstreeks 1750 sprake kan wees van 'n Maleis-Portugese slawetaal — dit lyk my op grond van ons historiese ondersoek die enigste gewettigde konklusie — dan rys die vraag: In watter verhouding het die blanke aan die Kaap gestaan tot hierdie Maleis-Portugese slawetaal? Hier kom ons tot die kern van die saak.

Om te bewys dat Afrikaans 'n mengeltaal geword het onder Maleis-Portu-

---

*) In *Het Afrikaans*, p. 46, vermeld Prof. H. die reisverhaal van Frikius om te bewys dat Maleis-Portugees in 1685 of 1686 deur slawe aan die Kaap gepraat is. Theal, *Hist of S.A. II.* 361 sê egter van Frikius: „(he) is either given to exaggeration and falsehood or never was here at all". Prof. Blommaert beskou sy reisverhaal as 'n verdigsel.

gese invloed moet, volgens Prof. Hesseling se eie definiesie van 'n mengeltaal, aangetoon word dat die Koloniste aan die Kaap nie alleen Maleis-Portugees verstaan het nie, maar ook gepraat het; dat hulle dit gedoen het „in grooten getale", „en dat niet slechts soms" maar „in het dagelijksch gebruik." *(Het Afr.* p. 17).

Hierdie deel van sy betoog lei Prof. Hesseling in met die woorde: „Het zeer waarschijnlijke van die stelling (dat die koloniste die taal van hulle slawe nie alleen verstaan het nie, maar ook gepraat het) zal wel niemand ontkennen die het tot hiertoe aangevoerde heeft gelezen". M.i. skiet juis by hierdie allerbelangrikste punt die teorie van Maleis-Portugese invloed beslis te kort. Na wat ons hierbo aangevoer het oor gebroke Portugees as handels- en slawetaal, durf ek gerus die woorde van Prof. Hesseling omdraai, en sê dat so 'n stelling in plaas van „zeer waarschijnlijk" selfs onwaarskynlik voorkom.

In *Het Afrikaansch* (p. 62) word *een**) voorbeeld gegee van 'n vrou wat Portugees praat met haar slaaf en Hollands met besoekers. Prof. Hesseling erken self dat mens uit een so 'n toevallig bewaarde gesegde nie mag aflei dat die koloniste altyd Portugees met hulle slawe gepraat het nie; „veeleer moet men aannemen dat zij dat alleen deden wanneer hun slaven nog slechts kort bij hen aan huis waren en 't Hollandsch nog niet voldoende verstonden". Dit is nl. duidelik, soos Prof. Hesseling self aantoon, *dat die slawe op den duur algar Nederlands geleer het.* Daar het die Kompanjie van die begin af alle moeite voor gedoen en 'n groot premie op geset, nl. *alleen slawe wat Nederlands geken het, kon vrygestel word.* Aangesien 'n slaaf die eiendom van sy baas was en nie kon weggaan wanneer hy wou nie, sal dit nie so dikwels voorgekom het dat 'n baas nuwe slawe in sy diens kry nie. Vandag kry 'n boer in die Oostelike Vrystaat baie vaker 'n nuwe Kaffer

---

*) Maar vgl. *Het Afrikaans* (2de uitg.) p. 46.

in diens as destyds met die slawe die geval sal gewees het, en wat vir invloed het dit op die taal van die boer? Ek kan myself 'n lang uiteensetting bespaar deur te antwoord: so goed as geen invloed nie, en my verder op mense te beroep wat met vandag se toestande in dié dele bekend is (vgl. p. 62).

Dit is wel vreemd dat Prof. Hesseling se teorie soveel ingang gevind het ondanks hierdie fundamentele tekortkoming. Teen hierdie een geval deur Prof. Hesseling genoem sal allerhande teenwerpinge kan gemaak word, b.v. was die vrou ook 'n vrygemaakte slavin? Later (in die *Tijdschrift voor Nederlandsche Taal- en Letterkunde*, 1917, p. 285) is pas in hierdie tekort voorsien deur 'n aanhaling uit Mentzel, waar gesê word dat die *Lingua franca* „bereits seit vielen Jahren her, *von denen Christlichen Einwohnern* sowohl als von denen Sklaven, so selbst von denen Bastart-Hottentotten gesprochen wird" (1, p. 54). Hierby kan ek nog 'n sterk getuienis voeg, wat later onder my aandag gebring is deur Prof. J. J. Smith. In *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope, and the East Indies*, deur Mrs. Kindersley, Londen, 1777, kom die volgende voor: „The servants of the Dutch, except a very few Hottentots, are all slaves, brought originally from different parts of the East Indies (sic!). What seems extraordinary is, that they do not learn to talk Dutch, but *the Dutch people learn their dialect*, which is called Portuguese, and is a corruption of that language" (p. 66).

Ek wil hierteen geen gebruik maak van die argumente dat ons hier te doen het met onoffisiële getuienisse en dat die getuienis van Mrs. Kindersley duidelik oordrewe is nie — gevolg van die sug om te generaliseer op grond van enkele gevalle, soos reisigers wat 'n paar weke in 'n land bly en dan daaroor skrywe, vandag nog gedurig doen. Ek wil aanneem dat wat Mentzel sê, waar is vir meer dan 50 % van die gevalle wat hy in die oog gehad het toe hy dit geskryf het. Maar dan wil ek in die eerste plek wys op die *tyd* waarvoor dit waar is. Mrs. Kindersley se boek is van 1777, die eerste deel van Mentzel se boek van 1785, hoewel Mentzel oor die algemeen

toestande van ongeveer 1750 beskryf. En dan geld albei die getuienisse vir *Kaapstad en die onmiddellike omgewing*. Ook by Sparrman en Thunberg val dit op, dat alle vermelding van Portugeessprekende slawe ophou so gou as hulle weggaan uit die buurt van Kaapstad, Stellenbosch en die Pêrel. Daarna hoor mens byna alleen van Hottentotte.

Hierdie waarneminge stem ooreen met wat ons sou verwag. Immers wyn- en saaiboere het meer werkvolk nodig as veeboere. Die Hottentotte, self skaap- en beesboere, was geskikte werkvolk vir 'n veeboer, geskikter miskien nog as 'n Madagaskarse neger, maar agter 'n graaf was hulle nie veel werd nie, wou hulle in die begin ook nie werk nie. 'n Slaaf was duur, terwyl 'n Hottentot dikwels vir 'n pruimpie en 'n sopie gehuur kon word. Die boere wat verder af gewoon het was oor die algemeen minder welgesteld as die Adam Tas-tiepe van die buurt van Stellenbosch. Dit alles maak dit begryplik dat slawe in die binnelande skaars was *). Dit kan ook uit Mentzel aangetoon word. Hy sê die ver-afwonende boere, b.v. die van Swellendam, het „wenig eigentümliche Sklaven bei ihnen; sie wohnen unter den Hottentotten, von welchen sie zwar ihr Vieh hüten lassen (verder was daar ook haas niks te doen nie), ausserdem aber wenig Dienste von ihnen haben" (11, p. 122).

Dat Baster-Hottentotte in Mentzel se tyd ook die slawe-Portugees geken het, lê voor die hand. Hierdie Basters was immers vir 'n groot gedeelte nakomelinge van die slawe wat Hottentottinne tot vroue gehad het. (Vgl. p. 119).

Hiermee het ons 'n ander belangrike punt in ons ondersoek vasgestel. Ons het reeds waarskynlik gemaak dat die invloed van Maleis-Portugees as *handelstaal* baie gering moes gewees het, en dat dit as *slawetaal voor 1700* geen groot invloed kon gehad het nie. Hier blyk *dat Maleis-Portugees as slawetaal na 1700 veral invloed moes gehad het op 'n beperkte gebied in die omgeving van Kaapstad.*

---

*) Vgl. Theal, IV, p. 268, waar blyk dat 56 % van die slawe wat in 1834 vrygemaak is, binnen 50 myl van Kaapstad vandaan was.

As ons toegee dat in die sogenaamde „Boland" gedurende die 18de eeu toestande geheers het, soos Prof. Hesseling vir die hele kolonie en van die begin af veronderstel het, watter gevolge kan ons daarvan op die taal verwag? Hierop kom ek in 'n later hoofstuk terug. Ek wil hier alleen herhaal wat ek in 1916 gesê het — 'n punt waarop Prof. Hesseling in sy resensie nie ingegaan het nie — dat al was die toestande soos Prof. Hesseling dié beskryf het, dit nie noodsaaklik aanleiding moes gee tot die ontstaan van 'n mengeltaal nie. „'n Feit wat tot nog toe in die geskrifte oor Afrikaans te weinig vermelding gevind het, is dat die sig van sy superioriteit bewuste blanke, nie so geredelik 'n woord van 'n slaaf of jong wat beneden hom staan oorneem nie, behalwe wanneer hy in gesprek is met die slaaf of jong self". „Die meeste blanke, vaders, moeders, en kinders (in die Ooste van die Oranje-Vrystaat), ken Sesoetoe en praat dit daagliks met hulle volk. Dit kom dikwels voor dat kindertjies tot hulle vyfde of sesde jaar, beter Sesoetoe as Afrikaans kan praat, soms uitsluitend Sesoetoe, en tog is daar in die vyftig jaar (wat dié toestand bestaan) geen mengeltaal, of iets wat daarop lyk, ontstaan nie" *(Afrikaans en Maleis-Portugees,* p. 39, 40).

Dit kan wees dat so iets vir 'n Europese geleerde te ongeloofwaardig klink om teen te spreek — selfs Schuchardt glo nie dat die „culturelle Unterschied" so 'n gewigtige rol speel as dikwels gemeen word nie — maar dan moet ek my beroep op die getuienis van ander Afrikaners wat ook met die plaaslike toestande bekend is en my opvatting steun. Prof. Boshoff, self afkomstig van die Oostelike Vrystaat, maak my daar 'n verwyt van dat ek nie meer nadruk gelê het op hierdie punt nie. „Die slawe-invloed" sê hy, „het in die daaglikse omgangstaal van die kinders weer verdwyn, sodra hulle opgegroeid was en teenoor die slawe psigologies bewus geword het van hulle rassesuperioriteit, *soos duidelik blyk uit die hedendaagse verhouding teenoor die Kaffers,* en soos op oortuigende wyse deur Dr. Bosman self aangetoon is. Alleen vorm hierdie argument by Dr. Bosman 'n soort van aanhangsel, terwyl dit m.i. die kern

van sy polemiek moes uitgemaak het" *(Volk en Taal,* p. 361). En ek het destyds nogal met opset hierdie argument bewaar vir die slot van my hoofstuk om dit sodoende beter te laat uitkom! Dr. Malherbe, professor in Afrikaans op Bloemfontein in die Oranje-Vrystaat, skryf in 'n resensie van Dr. Boshoff se dissertatie as volg: „Leersaam vir vroeër taaltoestande is die feit dat die invloed van die Bantoetale gedurende 'n volle eeu so onbeduidend is, wat natuurlik te verklaar is uit *die meerderwaardigheidsgevoel van die blanke" (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns,* 1. p. 118). Paul sê in sy *Prinzipien* (4de uitg. p. 391): „Hat die eine Nation ein entschiedenes Uebergewicht über die andere, sei es durch ihre Masse oder *durch politische und wirtschaftliche Macht oder durch geistige Ueberlegenheit,* so wird sich auch die Anwendung ihrer Sprache immer mehr auf Kosten der andern ausdehnen: *man wird von der Zweisprachigkeit wieder zur Einsprachigkeit gelangen.* Je nach der Widerstandsfähigkeit der unterliegenden Sprache wird dieser Prozess schneller oder langsamer vor sich gehen, wird diese schwächere oder stärkere Spuren in der siegenden hinterlassen" (ek kursiveer). Vgl. ook Jespersen, *Language,* p. 207. By die beoordeling van die Maleis-Portugees- en die Hottentots-teorieë mag dus geëis word dat met hierdie feit rekenskap gehou sal word.

Voordat ek my eie opsomming gee, wil ek dié aanhaal van Prof. Boshoff waar hy die geskilpunte tussen Prof. Hesseling en my aan 'n beoordeling onderwerp. Hy meen dat daar getuienis genoeg is om te bewys: (1) „Die kennis en gebruik van Mal. en Port. van na 1658 af tot in die 19de eeu." (2) „Dat gewoonlik van twee aparte tale Mal. en Port. gepraat is, maar soms ook van 'n mengelmoes van verskillende elemente.'. (3) „Dat ook slawe van Madagaskar, Mosambiek en Angola, en nie uitsluitend die slawe uit die Ooste herkomstig nie, min of meer bekend was met 'n soort verbasterde Port." (4) „Dat verskillende indiwidue, slawe, Hottentotte, en blanke, waaronder boere sowel as seelui in Tafelbaai en Simonsbaai, verskillend geskakeerde vorme van Mal. of Port.

nie alleen verstaan het nie, maar ook gepraat het. In die meeste gevalle was dit egter slawe". *(Volk en Taal,* p. 359).

Elke woord van hierdie opsomming is waar, of kan waar wees. En tog gee dit as geheel 'n verkeerde voorstelling van sake. (1) Die kennis, maar veral die gebruik, van Maleis en Portugees in die 17de eeu aan die Kaap was so gering dat dit van geen noemenswaarde betekenis as taalfaktor kon gewees het nie. (2) In die twede helfte van die 18de eeu is daar vir eers sprake van 'n mengelmoes van Maleis en Portugees. Die benaming van die slawetaal is egter bysaak. (3) Daar is niks om te bewys, selfs nie in die onoffisiële bronne waarop Proff. Hesseling en Boshoff hulle gewoonlik beroep nie, dat die slawe van Madagaskar, Mosambiek en Angola (en Guinea) *oorspronklik,* d.w.s. voor hulle aankoms in Suid-Afrika, bekend was met 'n soort verbasterde Portugees nie. Hulle kon dit natuurlik, egter, in Suid-Afrika geleer het — *nadat* die krom-Portugese slawetaal daar 'n mag geword het. M.a.w. ek vir my glo nie aan die moontlikheid dat Angoolse en Guinese slawe, waaroor beide skrywers dit by name het nie, selfs in Suid-Afrika Maleis-Portugees, of watter ander soort verbasterde Portugees ook, geleer het nie. Daarvoor was hulle koms te vroeg. (4) Hierdie stelling het ek in my proefskrif ook toegegee. Alleen mag dit nie van algemene toepassing op die hele tydperk en die hele oppervlakte gemaak word nie. Ek vestig daar die aandag op dat met die oog op blanke en Hottentotte (ander dan Basters) tereg die woord *indiwidue* gebruik word.

In hoever my opvatting verander het sinds 1916 sal blyk uit die volgende samevatting van die historiese gegewens:

(1) 'n Vorm van Portugees het *as handelstaal* aan die Kaap gedurende die hele periode geen rol van betekenis gespeel nie.

(2) *As slawetaal* het krom-Portugees eers van die begin van die 18de eeu af 'n toenemende betekenis gekry, totdat die invoer van Oosterse slawe in 1767 verbied is. Daarna het die invloed van die slawetaal begin afneem, sodat

daar in die begin van die 19de eeu weinig van te bespeur is, 'n bewys dat dit nooit lewensvatbaarheid gehad of wortel geskiet het nie.

(3) Die indiwiduele gebruik van krom-Portugees deur *blanke* was in hoofsaak beperk tot die omgewing van die Kaap en tot die 18de eeu.